

H O O F S T U K V.Apartheid en die Skoolopvoeding in die Kaapkolonie in
die Negentiende Eeu.1. Voorspel tot implémentering van die Liberalistiese
denkrigting in die Skoolwese. *

Onderwys en kerstening van die nie-blanke het onder invloed van die godsdienstige herlewing meer aandag begin geniet. Buitelandse sendinggenootskappe het hier aan wal gestap, en ook is plaaslike genootskappe gevorm om die nie-blanke te onderwys en te kersten. (1)

Met baie min uitsonderings het die buitelandse sendinggenootskappe wat almal besiel was met die verligte idees van die liberalisme die gelykstelling van blank en nie-blank voor oë gehad. Bestaande verskille moes deur middel van ~~die~~ skoolopvoeding uitgewis word. Die weg vir gesamentlike ~~blanke-nie-blanke-skoolopvoeding~~ met groter getalle nie-blankes op skool, is gedurende die Britse besetting met die aankoms van veral sendelinge van die Londense Sendinggenootskap vinnig voorberei.

Op 21 Februarie 1803 word die Kaap aan die Bataafse Republiek oorhandig en Kommissaris, J. A. de Mist en Goewerneur J. W. Janssens neem die bestuur oor. Eersgenoemde wat die onderwys aan die Kaap as een van sy belangrikste verantwoordelikhede beskou het, het die algehele hervormings van die reeds bestaande stelsel as uiters noodsaaklik beskou. Sy „Skoolwet” wat op 11 September 1804 as ordonnansie gepasseer is en stuksgewys in die Kaapsche Courant gepubliseer is, toon ingrypende prinsipiële veranderinge ooreenkomstig die li-

(1) (a) Du Plessis, J., A History of Christian Missions in South Africa, 102.

(b) B.R. 6, Res. Pol. Raad, 1066. (S. Arg. K.)

beralistiese tydgees... „Deur sy invloed is die revolusionêre vryheidsgees, wat reeds by die Patriotte aanwesig was, verder voortgedra om as stuwende krag te dien vir die opkomende liberalisme." (1)

Die skole moes voortaan dien tot vorming van goeie staatsburgers en nie soseer vir die voorbereiding van lidmate vir die Nederduits Gereformeerde Kerk nie.

„De openbaare skoolen strekkende tot onderwysing der Jeugd, behooren niet tot eenige byzonder Kerkgenootschap. Het zyn kweekplaatsen, om goede Burgers voor den Staat te vormen: en als zodanige staan dezelve onder het onmiddelyk toezigt en bestuur van het Gouvernement." (2)

De Mist se Kerk- en Skoolorder het die veld vir humanitêre gedagterigtings wyer oopgestel. Die liberalistiese nie-dogmatiese godsdienstbeskouinge is bevorder deur die beginsel van dogmatiese verskille tussen kerkgenootskappe uit die skoolopvoeding uit te skakel. (3)

„Deur sy Huwelikswet, Skoolorde en Kerkorde het hy die liberale denkbeelde ingedra in die heiligdomme van die Kaapse bevolking; die huisgesin, die skool en die Kerk, die plekke waar die godsdienstige lewe tot daardie tyd sy sterkste houvas gehad het." (4)

Omdat hy nie ten gunste daarvan was dat sendelinge hulle in dorpe moes vestig waar die werk reeds deur die Kerk waargeneem word nie, (5) het nie-blankes soos voorheen die skole vir blankes bygewoon.

(1) Hanekom, T.N., Die Liberale Rigting in Suid-Afrika, 121.

(2) (a) Deyer, A., Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduits Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, III, Art. 18 van Kerkorder, 12.

(b) L. M. 26, Leibbrandt's M.S.S., Extracts relating to Education, 1663-1877. (S. Arg. K.)

(3) B.R. 109, Notulen De Mist, D.L.V., 275. (S. Arg. K.)

(4) Hanekom, T. N., a.w., 121.

(5) Moorrees, A., Die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 391.

Wat die Bantoe aan die Oosgrens betref, het De Mist, soos reeds daarop gewys, 'n duidelike skeiding tussen die Bantoe en die blanke gemaak. Dit is ook verder bepaal dat die sendingskole buite die grense van die Kolonie geen gemeenskap met die grensbewoners of naturelle binne die Kolonie mog hê nie. Verder is ook niemand binne die Kolonie woonagtig, toegelaat om sendingskole buite die Kolonie sonder skriftelike toestemming van die Goewerneur by te woon nie. (1) Dieselfde bepalinge het ook gegeld vir die sendingskool wat Kicherer, „aan deze zyde van de Zak Rivier“, geopen het. (2)

De Mist het dus 'n definitiewe verskil gemaak tussen skole vir Bantoes en ander openbare skole. Dit is ook deur die Politieke Raad bepaal, dat aangesien skryfkennis vir die aanvanklike beskawing die noodsaaklik is nie, die Bantoe geen onderwys daarin sal ontvang nie, alvorens „uitdrukkelijk verlof“ van die Goewerneur-generaal en Chef daartoe verkry is nie. (3)

Die skeiding op skoolgebied tussen blank en Bantoe het dus om genoemde redes vanselfsprekend geword.

Omtrent die skeiding van die slaaf word nie 'n woord gerep nie. Ons lees dat dit in die buiteland distrikte die gewoonte van die Boer was om hulle saam met sy gesin die huisgodsdienst te laat bywoon, „dewelke met een gebed door den vader gesproken en door de kinderen en slaven in een knielende gestalte aangehoord, besloten werd“. (4)

Die slaaf as lyfeiene is beskou as die onderlaag

(1) B.R. 149, Proclamatie, 23.2.1805, Artt. 2-4.
(S. Arg. K.)

(2) Ibid., Art. 8.

(3) B.R. 10, Res. Pol. Raad 1805, 537. (S. Arg. K.)

(4) Lichentein, H., Op eene reis door de Carroo,
B.R. 131, 771. (S. Arg. K.)

van die sosiale samelewing, maar daar is geen horison-tale skeiding tussen hom en die blanke gemaak nie, veral nie sover dit sy opvoeding aangaan het nie. Die blanke het dit as sy plig en ook tot sy voordeel beskou, om hom onder die vrese Gods te bring en so goed moontlik op te voed.

Die skool in die slawelosie wat net deur slawekinders bygewoon is, het nog steeds bestaan. (1) Sover nagespoor kon word was dit die enigste skool waar die beginsel van apartheid gehandhaaf is. Blankes het nie hierdie skool bygewoon nie.

Gedurende die periode onder bespreking was daar nog drie skole, naamlik, die Latynse Skool, die Pahuds se Skool vir Jong Dogters en die Tot Nut van 't Algemeen. Nêrens kon ek 'n definitiewe bewys vind dat nie-blankes nie hierdie skole bygewoon het nie. Omstandighede laat 'n mens egter dink dat dit moontlik die geval was. Volgens Goewerneur, J. W. Janssens is die Latynse Skool baie swak besoek omdat Latyn as minder noodsaaklik geag is. (2) Wat die Pahuds se Skool vir Jong Dogters betref, moet in aanmerking geneem word dat De Mist baie ontevrede was oor die toestand waarin die jong dogters opgegroeï het. Hy was veral gekant teen die invloed wat die slawe op die jeug uitgeoefen het. (3) Dit is dus te betwyfel of slawemeisies tot die skool sou toegelant gewees het. Theal noem selfs die skool 'n "Superior Girls' School." Dit laat 'n mens dink dat dit uitsluitlik 'n skool vir dogters van vooraanstaandes moes gewees het.

Die Tot Nut van 't Algemeen of ook die „Tot Nut"

-
- (1) B.R. 36, Bylagen tot Resolusien, No. 5, 30.5.1803, 12. (S. Arg. K.) (Die skool ~~is~~ deur 23 kinders bygewoon, almal slave.)
 - (2) B.R. 89, Uitgaande Brieven, 1805-1806, 62. (S.Arg.K.)
 - (3) B.R. 111, Notulen, De Mist, 37. (S. Arg. K.)

skool genoem, het tot doel gehad die „bevordering en verbetering van het onderwys der jeugd, landbouw, Kunsten en Wetenschappen en alles wat meen de bescha-ving, bloeij en welvaart deezer Volksplanting". (1)

Nou is dit verder opmerklik dat in verband met die se-delike vorming van die kind daar onder andere gewaak moes word teen sy omgang met slawe. (2) Dit is dus moont-lik dat onder omstandighede slawekinders nie tot hierdie spesiale skole toegelaat is nie, maar op die gewone skole is slawe geensins verbied nie.

Alhoewel De Mist in sekere opsigte die beginsel van apartheid toegepas het, was hy as gevolg van sy li-beralistiese nie-dogmatiese godsdiensbeskouinge een van die belangrikste wegbereiders vir die nuwe tydgees wat deur die Britse owerheid en die Londense Sendinggenoot-skap in die skoolwese tot sy uiterste gedra is.

2. Invloed en Mag van die Britse Liberalisme op die Skoolopvoeding.

(a) Algemene toestand van die Skoolwese met die Britse oorname van die Kaapkolonie.

Met die Britse oorname van die Kaap in 1806 was ge-mengde blank-nie-blank-skoolopvoeding nog steeds in swang. Die agt laerskole in Kaapstad het ongeveer 800 kinders op die rol gehad, terwyl daar nog 1000 in die dorp was wat van onderwys verstoke was. (3)

Nieteenstaande die gesamentlike skoolopvoeding en godsdiens in die kerk, was daar die verstandhouding tus-sen blank en nie-blank, dat laasgenoemde as gevolg van sy laer peil van beskawing en baie in die onderhorige posisie as slaaf, en almal ekonomies afhanklik van die

(1) B.R. 39, Bylagen tot Res. 1803, 305-306. (S. Arg. K.)

(2) Kaapsche Courant, 30 Julie 1803.

(3) C.O. 1, Sect. 8, Letters Redd., Letter No. 46, 1.4.1807. (S. Arg. K.)

blanke, ondergeskik is aan eersgenoemde. Verder is daar 'n duidelike verskil tussen die blanke as Christen en die nie-blanke as heiden gemaak. Die nie-blanke moes eers in die godsdienstige leerstellinge onderrig word, alvorens hy gedoop kon word, (1) en dan is die christenslaaf ook nog nie vrygestel van onderhorigheid nie. (2)

Die tradisionele verhouding tussen blank en nie-blank wat op godsdienverskille en nie-blanke onderhorigheid opgebou was, het so 'n duidelike onderskeid tussen die twee groepe gemaak dat gesamentlike skoolopvoeding nie as beginsel in blanke-nie-blanke-rasseverhoudinge gegeld het nie.

(b) Britse Imperialistiese Liberalisme openbaar 'n Nuwe Sosiale Opstelling.

Besiel met die vryheid van almal binne die Britse kring van imperialisme, word determinante wat in die verlede die sosiale patroon en daarmee ook die blanke-nie-blanke-rassepatroon in die Kaap bepaal het, vinnig oorbord gewerp. Reeds heel in die begin van die Britse regime kla die Kaapse Kerkraad van die Nederduits Gereformeerde Kerk dat die Engelse predikant, Griffiths, van die Engelse Kerk, mense doop wat nie aan sy kerk behoort nie.(3) Griffiths het nie-blankes gedoop sonder dat hulle die minste begrip van die godsdienleerstellinge gehad het.(4) Hiermee is die belangrike skeiding tussen Christen en heiden en gevolglik ook tussen blank en nie-blank in die algemeen, verbreek. Die Calvinistiese godsdien as die belangrikste bepaler in die verskil tussen blank en nie-blank het sy houvas onder die nuwe bedeling begin verloor.

(1) C.O. 1, Letters Received, Sec. 8, No. 5. 10.4.1806. (S. Arg. K.)

(2) C. 97, Resolusiën, 27.4.1792, 327. (S. Arg. K.)

(3) C.O. 1, Letters Recd., Sec. 8, No. 5, 25.3.1806, 5. (S. Arg. K.)

(4) C.O. 1, Letters Recd., Sec. 8, Brief van Kerkraad aan Kaapse Overheid, 10.4.1806. (S. Arg. K.)

Die skool wat tot dusver hoofsaaklik ten doel gehad het die opleiding van die kind in die eerste beginsels van die Calvinistiese godsdiens; (1) moes nou ook dien om die Hollandssprekende kolonis te verengels. (2)

Die Bybel- en Skoolkommissie beveel aan dat skole gestig en bestaande skole van Engelse onderwysers voorsien moet word. (3) Die toelae vir die skool van mnr. en mev. Pahud wat 'n Nederlandse skool was, is dienooreenkomstig vanaf 11.10.1809 gestaak. (4)

Vir die opheffing van veral die nie-blankes, beveel die Skoolkommissie in genoemde verslag ook die oprigting van 'n vry skool vir die armes aan. (5) In 1813 word hierdie versoek herhaal (6) met die gevolg dat op 13 September 1813 die eerste vry skool (Koster Skool) geopen word met die doel om „onder alle klassen dezer maatschappy het licht der goddelike openbaring te verspreiden“. (7) Kinders van mindergegoede ouers van alle rasse het vry toegang indien hulle nie aan besmetlike siektes ly nie en hulle behoorlik gekleed en skoon is. (8)

- (1) D.O. 14, No. 3, Indeks C.O. 2449, Skoolkommissie — Kol. Kantoor, Staat van Onderwys, Jan. 1809, Dok. No^s 1 & 2. (S. Arg. K.)
- (2) Ibid., Onderrig van Engels sal aangemoedig word ooreenkomstig briewe van Lt.-generaal Grey, d.d. 20 & 25 April 1807.
- (3) Report, Educational Commission 1863, 24.
- (4) C.O. 14, No. 3, Dok. No. 12, 11.10.1809. (S. Arg. K.)
- (5) C.O. 14, No. 3, Skoolk. — Kol. Kantoor, Jan. 1809. (S. Arg. K.)
- (6) (a) C.O. 44, No. 2, Indeks 2450, Skoolk. — Kol. Kantoor, Dok. No. 13. (S. Arg. K.)
 (b) L.G. 17, Memorandum on Elementary Education, App. VII, Minute of Bible and School Commission, 8.7.1813. (S. Arg. K.)
- (7) (a) C.O. 44, Dok. No. 33, 13.9.1813. (S. Arg. K.)
 (b) Kaapsche Stads Courant en Africaansche Berigter, Deel VIII, No. 391, 10.7.1813. (Openb. Bl. K.)
- (8) Ibid., No. 398, 28.8.1813. (Openb. Bl. K.)

Wat die godsdiens betref, „it shall be our special and zealous care to instruct the youth, entrusted to our patronage, in the principles of common Christianity; in those essentials, in which we all agree; and in the knowledge and practice of those moral virtues, which Christianity, under whatever form of worship it is held, must be calculated to promote". (1)

Minder as 7 maande ná die skool geopen is, maak die Bybel- en Skoolkommissie bekend dat dit deur 190 leerlinge besoek word en dat daar nog 100 leerlinge is wat die skool nie bywoon nie, ook word vir nuwe geboue gevra omdat die geboue in gebruik baie ondoeltreffend was. (2) En alhoewel die skool teen die einde 1814 deur 200 leerlinge uit alle klasse van die samelewing bygewoon is, was die Bybel- en Skoolkommissie teleurgestel dat so min van die arm christenkinders, vry swartes en veral Javane, die skool besoek. (3) Dit wil dus voorkom of die Hollandssprekende ouer nie baie ten gunste van die skool was nie, maar aan die ander kant het die Hollandse skole vinnig begin kwyn. (4)

Die invloed en doelstellinge van die Brits-liberalistiese bedeling word baie duidelik: godsdiens sonder dogma, onderdrukking van die Hollandssprekende Afrikaner se taal en opsetlike aanmoediging van gemengde blanke-nie-blanke-skoolopvoeding. Deur middel van hierdie mete-

(1) C.O. 44, Dok. No. 33, 13.9.1813. R. Jones: Address at the Opening of the Free School. (S. Arg. K.)

(2) C.O. 65, Indeks No. 2455, Dok. 31, Brief No. 4, 5.4.1814. (S. Arg. K.)

(3) Kaapstads Courant, 18.2.1815. Beknopt verslag van de Werkzaamheden der Bybel- en School Commissie in het jaar 1814."

(4) C.O. 73, Indeks C.O. 2456, Sek. 30, Brief No. 9, 1815, Bybel- en Skoolkommissie — Kol. Sekr. (Nog slegs 5 Nederlandse Onderwysers oor in die Stad en die skole is in 'n hopelose toestand.)

des word die skool as instrument gebruik om blank en nie-blank op gelyke voet by die Britse ryk in te skakel.

Op aandrang van die sendelinge, „who had no ears but for the supposed virtues of the black", (1) het die nie-blanke stroom na die skole al sterker geword. In 1823 het 253 slawekinders die vry skool in Keeromstraat bygewoon, (2) en op aanbeveling van die Bybel- en Skoolkommissie is in Oktober 1823 'n soortgelyke skool in Breëstraat geopen. (3) Behalwe bogenoemde skole is talle ander skole opgerig met die doel om die nie-blanke te kersten en op te hef. (4) Geen wonder dat sommige persone van die standpunt uitgegaan het, dat vir die nie-blanke beter voorsiening gemaak is as vir die blanke. (5)

Op 5 Junie 1822 vaardig lord Charles Somerset sy taalproklamasie uit waarvolgens Engels die enigste amp-telike taal in die geregshoue, publieke kantore en in stukke en korrespondensie van die regering sal wees. Terselfdertyd word die Vry skole of sogenoemde „Established Government Schools" gestig, regstreeks onder beheer van die regering en toeganklik vir almal afgesien van ras of kleur. (6) Dit word ook bepaal dat christelike lyfhere en werkgewers van slawe wat in Kaapstad woonagtig is, of in die nabyheid van 'n vry skool, slawekinders bo 3 jaar en onder tien jaar moet toelaat om minstens drie dae in 'n week sodanige skole by te

(1) Cory, G.E., The Rise of South Africa, Vol. I, III.

(2) C.O. 364, No. 23 met bylae, Bybel- en Skoolkommissie — Kol. Kantoor. (S. Arg. K.)

(3) C.O. 345, No. 9, 4.10.1823, Bybel- en Skoolk. — Kol. Kant. (S. Arg. K.)

(4) Van Heerde, G.L., Twee Eeue van Sendingwerk, 60.

(5) Board of Education, Special Reports on the Systems of Education in the Cape Colony and Natal, 18, par. 25.

(6) C.O. 840, No. 50, Rivers — Kol. Sekret., 25.10.1838. (S. Arg. K.)

woon. (1)

Op die Vry skool is nie slegs van Bell se nuwe onderwysmetodes gebruik gemaak nie, maar ook van sy "Broken Catechism: Chief truths of Christian Religion". (2)

Die Calvinistiese handboeke is opsy geskuif. Die doel was, godsdiensoonderrig sonder dogma om volgens liberalistiese beskouinge alle verskille uit te skakel.

In die gemengde skoolopvoeding met slegs een taak, sonder godsdienverskille het die liberalis die oplossing vir rassevrede gesoek. "If I am desired to point out the indications of an improved feeling in the matter, I instance the more than facility, the aid, the colonists have given to the extension of the church establishment, the institution and support of schools to which children of all colours are indiscriminately admitted." (3) Dit is dan ook baie duidelik waarom Kolonel Bell (later Generaal sir John Bell) in sy aanbeveling van 'n Direkteur vir Publieke Skole (Director of Public Schools) ook 'n omskrywing gee van watter soort man hy moet wees.

"He must be a clear-headed man, either not belonging to the ministry, or so untinged with prejudice in favour of this or that form of Christian Protestant faith as to constitute him an impartial Director-General of Public Schools in this Colony". (4) John Herschel stem hierin saam met Bell. Hy is van mening dat die persoon iemand moet wees wat bo enige partygees en godsdienstige dweepsug staan, met ander woorde 'n neutrale persoon. (5)

(1) M. 142 - Art. 12, 1826; "Amelioration of the Conditions of the Slaves." (Draft of an order in Council).

(2) C.O. 362, Letters and Papers Received, Dok. No. 82. 1829. (S. Arg. K.)

(3) The South African Commercial Advertiser, 10.1.1829, Mr. Dwarries, Commissioner of Legal Inquiry: Amelioration of Slavery. (Open. Bibl. Kaapstad.)

(4) (G. 24-163) Educational Commission 1863, Special Report to inquire into and report upon the Government Educational of the Colony of Cape Town, App. V, 55.

(5) Ibid., 57.

Fairbairn voltooi die beeld deur daarop te wys dat die persoon, „Kommissaris" soos hy hom noem, hartgrondig verbind moet wees met die Britse regering, naam en volk, en dat hy geen onderskeid sal maak tussen mikroskopiese kleur-, taal-, nasionale en godsdienverskille nie.

Met ander woorde, die hoof van die onderwys moet 'n uitstaande liberalis wees in diens van die Britse imperialisme. „Die doel met hierdie liberalistiese beleid was dus duidelik: geleidelike uitwissing van alle biologiese en kulturele grense en gestadige assimilasie met totale verdwyning van die Afrikanervolk met sy eie taal, godsdien, tradisies en aard, en oplossing in die groot 'British Commonwealth of Nations' as uiteindelijke resultaat" (1)

Die liberalis het sorg gedra dat enige soort skool wat deur die owerheid opgerig of ondersteun word, toeganklik is vir alle klasse van die gemeenskap. „In all the schools the elementary course of instruction will be free, and at all times every Government seminary will be accessible to every individual of the community." (2) Dit het gegeld vir die sendingskole, (3) skole in buitedistrikte, (4) en ook in meisieskole. (5) Die skole moet nie slegs toeganklik wees vir alle klasse van die gemeenskap nie, maar beskikbaar vir alle klasse sonder onderskeid. (6)

(1) Cilliers, D.H., Stryd van die Afrikaanssprekende om sy eie skool in Kaapland, 52.

(2) (G. 24-'63) Report of Educational Commission, 1863, App. V., 66. (Regeringsmemorandum, 23.5.1839.)

(3) Ibid., 70. (Regeringsmemorandum, 10.6.1841)

(4) Ibid., 76. (Regeringsmemorandum, 14.9.1843)

(5) Ibid., 32. (Regeringsmemorandum, Maart 1860.)

(6) C.C. 637, Letter of Instructions to the School Commissions of the Colony, 18.2.1842.

Selfs in die Nederduits Gereformeerde Kerk het die liberalisme ingedring. Op die Sinode van 1862 was daar nie minder as 25 liberale predikante teenwoordig nie. (1)

Met die kerk en die skool as belangrikste middele, het die liberalisme soos 'n nuwe lig oor die land versprei. Deur 'n gees van verdraagsaamheid en neutraliteit te bevorder, is gepoog om alle beginselverskille te oorbrug. Om die gelykmakingsproses te bevorder, is besondere aandag aan die opheffing van die nie-blanke, wat in groot agterstand by die blanke gehad het, gegee. Een taal, en gemengde kerke en skole waar 'n neutrale lewensbeskouing gehuldig word, moes dien om die gemeenskaplike belange van beide blank en nie-blank in die vooruitgang van die Britse ryk te sentreer.

Dit was nie genoeg dat die nie-blanke binne die blanke gebiede in alle opsigte met die blanke moes meng nie, maar die meer afgesonderde Bantoe moes ook na Kaapstad kom waar 'n opleidingskool geopen is. (2) In 1863 het die skool 37 leerlinge gehad, waarvan 5 meidjies, 7 Msoetoos en die res Xhosas of kaffers was. „The school is open to children of Residents in the Neighbourhood, on payment of a small fee; very few have yet availed themselves of this privilege.” (3) Ses leerlinge is met die oog op verdere studie selfs na Engeland gestuur. (4) Alle pogings is aangewend om die nie-blanke op te hef en hom dan sodoende saam met die blanke in een gemeenskap te laat versmelt. „Our coloured population is made up of every diverse race, and our policy is not to deal with them as a separate class, but

(1) Hanekom, T.N., Die Liberale Rigting in Suid-Afrika, 433.

(2) C.O. 809, Educational Doc. No. 65, 7.10.1863, Verslag van die „Kaffir College, Zonnebloem, Cape Town”.

(3) Ibid., 7.10.1863.

(4) Ibid., 7.10.1863.

to bring all under a common government as members of one community without distinction of colour or race." (1)

Met die beplanning en bevordering van blank-enie-blanke-samesmelting was die liberalis gekant teen aparte skoolopvoeding, veral waar dit die Afrikanerkinders gegeld het waarvan die grootste persentasie onder die arm klasse geressorteer het. "If schools are to be provided by Government for the free education of the children of the poorer class of the white population in towns, a general system of gratuitous education must necessarily follow. The difficulty of excluding children not of a pure European extraction, and of drawing the line between the grades of so-called poverty will wreck any such partial scheme." (2)

Gesamentlike skoolopvoeding moes dien tot die vereniging van blank en nie-blank in een gemeenskap en gevolglik is apartheid in die skoolopvoeding heftig teen-gestaan. Selfs in die statistieke in verband met skool-besoek is blank en nie-blank nie afsonderlik aangedui vóór 1894 nie. (3) (Dit is natuurlik tipies van die liberalis om aan te dui dat by hom geen rasseverskille bestaan nie.)

(c) Beheer oor Skoolopvoeding om voorgestelde Nuwe Gemeenskapsvorming te bevorder.

Die skoolwese in die Kaap het in die eerste plek gestaan onder die liberalistiese mag wat uit die Britse parlement via die Britse Sendinggenootskap verbind was

(1) The Cape Standard, 25.1.1866. (Op. Bl. K.)

(2) (G. 3-'83) Supplement to the Annual Report of the Superintendent General of Education for 1883, together with a special report on the Institutions aided under Act. No. 24 of 1874, No. 16.

(3) Verslae van Superintendent-generaal van Onderwys. (Pells, E. G., reken dat Dale dit opsetlik gedoen het om die gebreke in die onderwysstelsel te verberg. "300 Years of Education in South Africa", 40.

met die Kaapse Owerheid en sy amptenare. Om die nuwe hervormingsplanne deur te voer is die skool onder direkte toesig van die regering geplaas. (1) Die skoolkommissie moes met behulp van die distrikskoolkommissies die skole beheer en gereeld die stand van sake aan die owerheid rapporteer. Hulle moes ook toesien dat die neergelegde beginsels nagekom word. (2) Die Britse sendeling van die Londense Sendinggenootskap wat ook die verbete politikus, en wegbereider van die Britse kommersialisme was, (3) het deurentyd 'n wakende oog oor die skoolopvoeding gehou. (4)

Om 'n beter beheer oor die skoolopvoeding uit te oefen is in 1839 oorgegaan tot 'n stelsel van sentralisasie onder die toesig van 'n Superintendent-generaal. (5) Dit word ook weer baie duidelik onder die verskillende skoolkommissies se aandag gebring: „it is his Excellency's express desire, that the schools of this establishment become not only accessible, but available to all classes, without distinction". (6) Diegene wat nie geïnteresseerd was met die liberalistiese beginsels van godsdiens sonder dogma, gemengde blanke-nie-blanke-skole en anglikanisasie nie, moes hulle toevlug neem tot privaatskole son-

-
- (1) C.O. 1, Papers Recd. from Churches and School Commissions, Seksie 8, Brief No. 45, 1.4.1807. (Skoolkommissie vervang die Skolarge).
- (2) (a) C.O. 44, Letters Recd. from School Commission, 1813, No. 2, Indeks No. 2450, Dok. No. 2, 23.4.1813. (S. Arg. K.)
 (b) C.O. No. 6166, Letters Recd. from Governor, 13.4.1813. (S. Arg. K.)
- (3) Lauts-versameling XI, No. 1655. Stuk No. 8. (Artikel uit Nieuwe Amsterdamse Courant, 18.6.1760. (S. Arg. P.)
- (4) De Suid-Afrikaan, 28.5.1830 & 23.7.1830.
- (5) James Rose-Innes is aangestel as Sup.-generaal van Onderwys.
- (6) C.O. 637, Letter of Instruction to the School Commissions of the Colony.

der enige regeeringsondersteuning. Hiertoe was die grootste persentasies Boere as gevolg van armoede nie in staat nie. (1) Die liberalistiese beheer oor die skoolwese het dus gesamentlike blanke-nie-blanke-skoolopvoeding op die Afrikaner afgeforseer.

3. Gesamentlike Skoolopvoeding van Blank en Nie-blank.

Gesamentlike skoolopvoeding van blank en nie-blank het onder liberalistiese druk 'n algemene verskynsel geword. Omdat die Brits-imperialistiese filantropie ten bevordering van imperiale belange, 'n blanke-nie-blanke-eenheidsgemeenskap, gevorm ooreenkomstig Britse beskouinge en beginsels in vooruitsig gestel het, het hulle aparte skoolopvoeding waar teenstrydige beginsels uitgeleef en beoefen kon word, ten sterkste bestry. Met die administratiewe, geregtelike, uitvoerende en ekonomiese mag in hulle hande, het hulle gesamentlike skoolopvoeding van blank en nie-blank as een van die kenmerkendste eienskappe van die skoolwese aan die Kaap gedurende die 19e eeu gemaak.

(a) Gemengde blanke-nie-blanke-skole in die Kaapstadse Distrik.

Op 13.9.1813 word die eerste vry skool in Kaapstad in Keeromstraat geopen om die slawekinders asook die arm kinders van blankes te leer lees sodat hulle self kon Bybel lees. (2) Die skool wat uit 'n Hollandse en Engelse afdeling bestaan het, is teen die einde 1814 reeds deur 200 leerlinge uit alle klasse van die samelewing besoek. (3) In die tussentyd is 9 slawekinders van

(1) (G. 3-'83) Report of Superintendent-General of Education of the Cape Colony, 1883, 13.

(2) L. G. 17, Memorandum on Elementary Education, Appendix 7, Minute of Bible and Schools Commission, 8.7.1813. (S. Arg: K.)

(3) Kaapstads Courant, 18.2.1815, „Beknopt verslag van de Werkzaamheden der Bybel- en School Commissie in het jaar 1814.“

die slawelosie ook tot die skool toegelaat. (1) Die slaweskool wat tot dusver uitsluitlik vir nie-blankes was, het party van sy kinders na die gemengde skool gestuur. In September 1826 het die slaweskool finaal gesluit en is al die kinders na die Keeromstraat-skool gestuur. (2)

Die toeloop na hierdie skool het tot 1827 steeds toegeneem. In die opgawe Junie 1827, het 333 kinders die Engelse en Hollandse afdeling bygewoon. Die bywoning was soos volg:

Hollandse Afdeling: 160 blankes en 47 nie-blankes.
Totaal = 207.

Engelse Afdeling: 102 blankes en 24 nie-blankes.
Totaal = 126.

Van die nie-blankes op die Engelse afdeling was 1 'n kaffer. Tot dusver die eerste Bantoe waarvan melding gemaak is, wat 'n skool in Kaapstad bywoon. (3) Dit was om hierdie rede dat 'n soortgelyke skool in Oktober 1823 in Breëstraat geopen is. Dit het ook vinnig opgang begin maak en die bywoning in Junie 1827 was soos volg:

Hollandse Afdeling: 143 blankes, 43 ingeboekte slawe, basters, en vrygestelde slawekinders, 53 slawekinders en 11 Mohammedaanse kinders. Totaal = 250. 143 blank en 107 nie-blank.

Engelse Afdeling: 81 blankes, 5 slawekinders en 1 ingeboekte slawekind. Totaal = 87.

Aantal kinders in Breëstraat-skool was dus 336, waarvan 224 blank en 112 nie-blank was. (4)

(1) C.O. 137, Letters Recd. from Private Individuals, Sundry, Officers, ect., Höhne — Alexander, 10.2.1814. (S. Arg. K.)

(2) C.O. 483, Dok. No^s 13 & 17, Bybel- en Skoolkommissie — Koloniale Offisier. (S. Arg. K.)

(3) C.O. 319, Indeks 2468, Brief No. 36; Skoolkommissie — Kol. Kantoor. (S. Arg. K.)

(4) Ibid., (S. Arg. K.) Ook C.O. 537, No. 36, Bybel- en Skoolkommissie — Kol. Kantoor. (S. Arg. K.)

In 1829 was die bywoning van die twee skole soos volg:-

T A B E L 2.

Naam van Skool:	Blanke:	Vry Swartes:	Sla-we:	Tal:	Onderwyser.
Vry skool, Engelse Afd. Keeromstraat	76	32	7	115	Wm. Vawser
Vry Skool, Hollandse Afd. Keeromstraat	151	12	24	187	F.P. Smit
Vry Skool, Engelse Afd. Breëstraat	108	0	6	114	A. Byrne
Vry Skool, Hollandse Afd. Breëstraat	95	2	10	107	M. de Kock
Totaal:-	430	46	47	523	4 Onderwysers. (i)

Dit word opgemerk dat die skoolbevolking van genoemde skole vanaf 1827 tot 1829 gedaal het van 670 na 523, en dat die bywoning van nie-blanke gedaal het van 27.46% tot 17.97%. Een van die belangrikste redes hiervoor is dat sedert 1822 verskeie vry skole in Kaapstad sowel as in die buiteland geopen is, wat vir almal afgesien van ras of kleur toeganklik was. Dit was veral die Kerk en verskillende sendinggenootskappe wat 'n bywerking was om nuwe skole te open wat vir gesamentlike blanke-nie-blanke-skoolopvoeding voorsiening gemaak het. (2)

In 1830 het die "Infant School Society" 'n kleinkinderskool in Kaapstad, volgens die model in Engeland, vir minder gegoede kinders gestig. Op 15 Maart 1830

(1) C.O. 362, Dok. No. 82, Skool- en Bybelkommissie Kol. Kantoor. (S. Arg. K.)

(2) C.O. 365, No. 12; C.O. 408, No. 204; C.O. 645, No. 4. (S. Arg. K.)

is die skool met W. Buchanan as hoof geopen. Dit het met 153 leerlinge begin: 24 vry swartes, 37 Engelse, 17 Hollandse en 75 slawekinders waarvan die ouderdomme gewissel het van 18 maande tot 8 jaar. (1) In 1834 was daar 50 slawe en vry swartes en 20 Engelse kinders op die skool en geen Hollandse kinders nie. (2)

Die „Ladies Benevolent Society" stig in 1830 ook 'n nywerheidsskool wat voorsiening vir elementêre handwerk en gewone laeronderwys vir die minder gegoede klasse maak. Hierdie skool het so vinnig uitgebrei dat daar in 1831 nog 'n soortgelyke skool geopen is, en deur 160 kinders van alle rasse en kleure bygewoon is. (3)

Gemengde blanke-nie-blanke-skoolopvoeding was 'n algemene verskynsel in die hoofstad. Net op die drie kleinkinderskole was daar in 1837 260 kinders waarvan die meeste vrygemaakte slawe, en die res blankes en ander rasse was. (4)

In die onderwysverslag van 1857 word die toestand soos volg weergegee:

(i) St. Andrew's Church Mission Schools.

(a) Kleinkinderafdeling: 50 blankes, 43 vrygemaakte slawe, 32 ingeboekte negers, 137 ander nie-blanke kinders. Totaal = 262.

(b) Jongkinders: 80 blankes, 150 vrygemaakte slawe, 76 ander nie-blanke kinders. Totaal = 306.

- (1) (a) First Annual Report of Committee of South African Infant Schools, 10. (Openb. Biblioteek, Kaapstad.)
 (b) Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift, Jan. - Feb. 1830, 82.

(2) Fourth Annual Report of Com. of South African Infant Schools, 12.

(3) South African Commercial Advertiser, 11.3.1831.

(4) South African Commercial Advertiser, No. 1064, 23.8.1837.

(ii) South African Society's Mission Schools.

(a) Kleinkinderafdeling: 22 blankes, 36 vrygemaakte slawe, 15 ingeboekte negers, 38 Maleise kinders en ander nie-blanke kinders. Totaal = 111.

(iii) South African Society's Model Infant School.

In 1856 was 'n $\frac{1}{4}$ van hierdie skool se bevolking nie-blankes wie se ouers hoofsaaklik Maleiers en Negers was.

(iv) St. George Church Free Schools.

(a) Nywerheid Skool vir Seuns: 200 blank en 50 van verskille nie-blanke rasse. Totaal = 250.

(b) Nywerheidskool vir Dogters: 46 blank en 106 van verskillende ander kleure. Totaal = 151.

(v) Ebenezer Chapel Mission Schools.

(a) Kleinkinderafdeling: 12 blank, 41 vrygestelde slawe, 20 ingeboekte negers, 4 ander nie-blankes. Totaal = 73.

(b) Jongkinders: 18 blankes, 83 vrygemaakte slawe, 15 ingeboekte negers. Totaal = 117. (1)

(vi) Wesleyan Mission Schools. (2)

Jongkinders: 30 blankes, 60 vrygestelde slawe, 15 ingeboekte negers, 129 ander nie-blanke kinders. Totaal = 234.

(vii) St. John's Church Free Schools. (3)

Die skoolbevolking was blank en nie-blank gemeng.

(viii) Dutch Mission School. (4)

Blank en nie-blank. 'n $\frac{1}{3}$ was Maleise kinders.

(1) (G. 16-57) Report on Public Education, Report III, Mission Schools aided by Parliamentary Grants, 14-15.

(2) (G. 16-57) a.w., 15-16.

(3) Ibid., 16.

(4) Ibid., 17.

(ix) Houtbaai Sendingskool.

Die skool het aan die Nederduits Gereformeerde Kerk van Wynberg behoort. "The school is accessible to all classes, and has been attended by children both white and coloured. Instruction is given in Dutch only, the teacher not knowing English." (1)

(x) Plumstead Wesleyan Mission School.

20 blankes, 20 vrygemaakte slawe, 45 ander nie-blanke kinders. Totaal = 85.

Gemengde skoolopvoeding was dus die algemene orde in Kaapstad, veral vir die minderbevoorregte klasse wat nie vir die skoolopvoeding van hulle kinders kon betaal nie. Hierdie toestand het selfs tot in die 20ste eeu voortgeduur. "As regards Mission schools it is to be distinctly understood that they are supplementary to the public School-system, and are aided only to meet the wants of the children of the poorer and coloured classes." (2)

Gemengde blank-nie-blanke-skoolopvoeding was in Kaapstad veral, so 'n algemene verskynsel dat in die statistieke nie altyd 'n verskil tussen blank en nie-blanke gemaak is nie. Soos reeds daarop gewys, het die liberalis dit opsetlik gedoen om aan te toon hoe min belang hy by kleurverskille het.

Na die owerheid eger volledigheidshalwe daarop aangedring het dat blankes en nie-blanke afsonderlik moet aangedui word, word die juiste toestand van gemengde skoolopvoeding vanaf 1893 beter weergegee.

Die skoolindeling was soos volg:-

(i) Spesiale inrigtings vir diegene wat begerig was

(1) (G. 16-57) a.w., 17-18.

(2) M 111. Simonstown Undenominational School, Sup.-General of Education — J. v.d. Riet, 1881. (S. Arg. K.) Hierdie skool het in September 1825, 63 leerlinge op die rol gehad wat blankes, Maleiers, naturelle en ander gekleurdes, ingesluit het. (C.O. 408, No. 204-Byvoegsel.)

en dit kon bekostig om hulle kinders meer as die gewone laerskoolopleiding te laat deurloop. Hierdie skole het die skakel tussen die gewone openbare onderwys en die universiteit gevorm. (1)

Die volgende inrigtings word vermeld:

- (a) "Cape Normal College, Special Institution".
- (b) "Cape Normal College for Boys".
- (c) "Cape Normal College for Girls".
- (d) "Cape Normal College for Boys and Girls".
- (e) "Vredenberg High School", 'n privaatskool vir meisies.

(ii) Neutrale Openbare Skole:- Kategorie A: Klasse I, II en III.

Klas I vir die groter dorpe en stede.

Klas II vir die kleiner dorpe en stede.

Klas III vir die platteland, ook genoem Boereskole.

(iii) Sendingskole: Kategorie B: Klasse I, II en III.

Klas I vir kleuters, jongkinders en vakonderwys.

Klas II, skole met een onderwyser en 'n daaglikse leerlingtal van 30 - 40.

Klas III vir buiteposte, ook genoem "Outstation Schools".

(iv) Naturellenrywerheid— en Opleidingskole:
Kategorie C.

(v) Distrikskoskole: Kategorie II.

Hierdie skole was 'n byvoeging tot die Neutrale Openbare Skole.

(vi) Aandskole: Kategorie E.

(vii) Privaatplaasskole: Kategorie F.

(viii) Roomskatolieke skool vir doofstommes. (2)

(1) C.O. 1079, Dok. 9, 17.6.1879, Memorandum l/s. Onderwys. (S. Arg. K.)

(2) Reports of Superintendent-General of Education, 1873, 1876, e.v.

(i) Spesiale Inrigtings.

Hierdie skole is slegs deur blankes bygewoon. (1)
Donald Ross beskryf dit as die skole van die aristokra-
sie en regerende klasse. (2)

(ii) Neutrale Openbare Skole: Kategorie A, Klasse I, II, en III.

Van die klas I - skole was daar 5. Al vyf die sko-
le is slegs deur blankes bygewoon. (3) Donald Ross
klassifiseer hulle as die skole behorende tot die hoër
klasse, (superior class) (4).

Van klas II was daar 4 skole. Twee is net deur
blankes bygewoon, en twee deur blank en nie-blank (5)
Die twee gemengde skole het saam 'n leerlingtal van 256
gehad waarvan 6 nie-blankes was. (6)

Van Klas III was daar 5 skole. Drie is net deur
blankes bygewoon, terwyl 2 deur blank en nie-blank be-
soek is. (7) Die twee gemengde skole het saam 'n leer-
lingtal van 199 gehad waarvan 13 nie-blank was. (8)

(iii) Sendingskole: Kategorie B: Klasse I, II en III.

In 1893 was daar 66 van hierdie skole, al drie klasse
ingesluit. 6 is net deur blankes, 8 net deur nie-blankes,
en 51 deur blank en nie-blank gemeng bygewoon. (9)

49 van die 52 gemengde skole het 'n gesamentlike

- (1) S.G.E. 2/1, Vol. A—C, 1893, Verslae, 221, 224, 225
226 & 291. (S. Arg. K.)
- (2) (G. 12-'83) Preliminary Report on State of Education,
12.
- (3) S.G.E. 2/1, Vol. A—C, 1893, Verslae 222, 223, 285,
298, 299. (S. Arg. K.)
- (4) (G. 12-'83) Preliminary Report on State Education, 12.
- (5) S.G.E. 2/1, Vol. A—C, 1893, Verslae 227, 258, 228
en 293.
- (6) Ibid., Verslae 228 & 293.
- (7) Ibid., Verslae 229, 268, 303, 230, 278.
- (8) Ibid., Verslae 230 & 278.
- (9) S.G.E. 2/1, Vol. A—C, 1893, Verslae 218-220, 231-257,
259-267, 269-277, 279-284, 286-290, 294-297,
301-303.

leerlingtal van 7,427 gehad, waarvan 3146 blank en 4281 nie-blank was. Die afsonderlike getalle blank en nie-blank vir die orige drie gemengde skole word nie aangegee nie, dit word slegs gemeld dat hulle deur beide blank en nie-blank besoek is. (1)

(iv) Naturellenwyerheid- en opleidingskole:

Kategorie C.

In die verslag word nie melding gemaak dat daar in 1893 enige van hierdie soort skole in die Kaapstadse distrik was nie.

(v) Distrikskoskole: Kategorie D.

In 1893 was daar slegs een van hierdie skole; die sogenoemde "Zonnebloem District Boarding School" wat in 1863 in Kaapstad met 37 Bantoeleerlinge geopen is. (2) Dit het in 1893 'n skoolbevolking van 108 gehad, 69 blankes en 39 nie-blankes. (3)

(vi) Aandskole: Kategorie E.

Van hierdie skole word nie in die verslag melding gemaak nie.

(vii) Privaatplaasskole: Kategorie F.

Van hierdie soort skole was daar slegs 1 in die Kaapstadse distrik en die leerlinge was almal blankes. (4)

(viii) Roomskatolieke skool vir doofstommes.

Hierdie skool is onder Neutrale Openbare Skole as 'n klas III skool geklassifiseer (5) en is reeds by (ii) ingesluit as 'n gemengde skool met 8 blankes en 3 nie-blankes.

(1) S.G.E. 2/1, Vol. A—C, 1893, Verslae 218, 231, 233-240, 243-262, 264-266, 270-275, 277, 279-281, 284, 286-287, 294-297, 301-302 en (288-290).

(2) C.O. 809, Educational Doc. No. 65, 7.10.1863.
(S. Arg. K.)

(3) S.G.E. 2/1, Vol. A—C, 1893, Verslag 304.

(4) Ibid., Verslag 292.

(5) Ibid., Verslag 249.

Die skoolbevolking van die verskillende skole in die Kaapse distrik was soos aangedui word in onderstaande tabel 3.

I N D E L I N G V A N S K O O L E, 1893.

T A B E L 3.

A. In- deling vol- gens groe- pe.	Spe- siale sko- le.	B. Indeling volgens Klassifikasie.					C. To- taal	
		Neutrale	Openbare	Skole	Sen- ding- sko- le.	Dis- triks- kos- skole.	Pri- vaat- plaas- skole.	
		Klas I	Klas II	Klas III				
Net Blank	5	5	2	3	6	0	1	22
Net Nie- blank	0	0	0	0	8	0	0	8
Ge- meng	0	0	2	2	52	1	0	57
D. To- taal.	5	5	4	5	66	1	1	87

C. Totaal van skole volgens groepsindeling.

D. Totaal van skole volgens klassifikasie.

Vier jaar later, 1897, was daar 114 skole in die Kaapse distrik: 36 vir blankes, 10 vir nie-blankes en 68 blank-nie-blank gemeng. (1)

Die gemengde skole het uit die volgende bestaan:

1 Rooms-katolieke skool wat meer gevorderde onderwys as op die gewone laerskool verskaf het.

3 Neutrale Openbare Skole, Klas II.

9 Neutrale Openbare Skole, Klas III.

49 Sendingskole.

1 Distrikskoskool.

5 Aandskole. (2)

Die persentasie gemengde skole het dus vanaf 1893

(1) S.G.E. 15/1 Education Gazette, 4th Quarter 1897.

(2) Ibid.

tot 1897 van 65.52 tot 59.65 gedaal, en dit nadat die opgawe van die Aandskole nie by die 1893-opgawe ingesluit is nie.

Nieteenstaande gemengde blanke-nie-blanke-skoolopvoeding 'n algemene verskynsel in die Kaapse distrik was, het dit teen die einde van die 19e eeu begin verminder. (1)

(b) Gemengde blanke-nie-blanke-skole in die Buitedistrikte.

Soos reeds aangedui was die Voorleser - of Kosterskole asook die Vry skole toeganklik vir almal afgesien van ras of kleur. Dit het ook gegeld vir enige ander skool wat staatstoelae ontvang het. In die Kaapstadse distrik was gemengde blanke-nie-blanke-skoolopvoeding dus ook 'n algemene verskynsel. Wat was nou eintlik die posisie in die buitedistrikte?

Volgens die skoolrapporte wat vir die jare 1813 en 1814 kon opgespoor word, het die voorleserskole in Stellenbosch en Paarl nie-blankes en blanke gesamentlik onderrig. Volgens hierdie verslae was die toestand soos volg:

Stellenbosch.

- (i) Januarie 1813 tot Julie 1813: 1 slavin uit ongeveer 70 leerlinge.
- (ii) Mei 1814: 2 slavinne en 1 kleurling uit 84 leerlinge.
- (iii) Oktober 1814: 4 slawe en slavinne uit 73 leerlinge.

Paarl.

- (i) Mei 1813: 1 bastermeidjie uit 50 leerlinge.
- (~~ii~~) Desember 1813: 3 slavinne en slawe uit 73 leerlinge.
- (iii) Februarie 1814: 7 slawe uit 76.
- (iv) Desember 1814: 4 slawe uit 49. (2)

(1) Die jaar 1897 i.p.v. 1900 is geneem, omdat die Engelse Oorlog teen die Republieke die skoolwese in die Kaapkolonie baie beïnvloed het.

(2) S 22/176 Skoolrapporte 1812-1816 (S. Arg. K.)

In die betaallys van die Paarlse skool vir Januarie 1814 word die volgende name van nie-blankes gemeld: Aletta, Carel, Martinus, Villem, Cataryn, Theresia, Kipje, Saartje, Cupido, Lotje almal van „de Caap“, as leerlinge saam met blankes op die Diamantskool van die Paarl.(1)

Volgens briewe van die Stellenboschse skoolkommissie is slawekinders asook kinders van behoeftige weduwees sonder enige vergoeding tot die Voorleserskole toegelaat. (2)

C. P. Maartens wat in 1821 as rondgaande onderwyser in die gebiede Kamiesberg, Namakwaland en Hardwild aangesetel is, (3) maak veral melding van die bastergesinne in die omgewing van Kamiesberg. Hy wys daarop dat sy leerlinge blanke volwassenes, kinders, slawe, gedoopte en ongedoopte basters insluit. (4)

In 1823 wys die magistraat van Worcester, C. Trappes, daarop dat slawekinders wat goedgekleed is ook die skole waar blanke kinders deur rondgaande onderwysers onderrig word, kan bywoon. (5) Vir die inwoners van Worcester moes dit nie iets vreemds gewees het nie, want ongeveer 70 slawe het saam met die blankes die kerkdienste bygewoon. (6)

Die distrikskool in Albany van Howard, is in 1823 opgerig vir Engelse kinders, Hottentotte en kinders van ander gekleurde rasse. Op 1.10.1827 was Jaar 36 kinders

-
- (1) V.C. 35, Betaallyst van de Paarsche School, Januarie 1814, State van J. van Lindenbaum, Districk Schoolmeester, Paarl Diamant School. (S. Arg. K.)
 - (2) S 22/177 Inkomende Briewe, Rapporte en Betaallyste van Skoolkommissie 1817-1821. (S. Arg. K.)
 - (3) C.O. 1481, Ellis— Bybel- en Skoolkommissie, 14.2.1821, 230. (S. Arg. K.)
 - (4) 7 19/121, Rapporte 3.9.1821, 8.12.1822 en 25.6.1825. (S. Arg. K.)
 - (5) C.O. 2651, Worcester, Dok. 84, 1.7.1823. (S. Arg. K.)
 - (6) C.O. 2660, Worcester, Dok. 27, 23.2.1824. (S. Arg. K.)

op hierdie skool. Daar word egter nie gemeld hoeveel blank en nie-blank was nie. Gedurende die jaar het 6 kinders die skool verlaat en twee van hulle, William King en Thomas Holmes is saam met hulle ouers na 'n ander lokasie, hulle was dus nie-blankes. (1) In dieselfde jaar word die skoolkommissie van Albany ook in kennis gestel, dat geen verskil tussen blank en nie-blank op enige van die vry skole gemaak mag word nie, en waar moontlik moet dit voorkom word. (2)

In 1830 woon 1 blanke die sendingskool van E. Smith wat onder die Nederduits Gereformeerde Kerk in die distrik Stellenbosch geressorteer het, saam met 51 vry swartes en 72 slawe by. (3) Die twee distrikskole vir blankes op Beaufort en Port Francis word respektiewelik deur 1 en 2 vry swartes bygewoon. (4) In 1834 het die nie-blankes in die skool op Beaufort met een vermeerder. (5)

Met die half-jaarlikse skoeleksamen was daar 105 leerlinge op die nie-blanke skool van C. Hyman op Uitenhage. Van hierdie leerlinge was 20 blank en die orige nie-blank. „During the year applications for white children to be admitted having been frequent, there are about twenty of them having been incorporated with the others, which is found to be a beneficial arrangement in facilitating their requiring the English language. (6)

(1) C.O. 2692, Dok. 100, Verslag van Howard i.s. Distrikskool, Albany. (S. Arg. K.)

(2) C.O. 1502, Flasket-School Commission, Albany, 7.12.1827, 439.

(3) C.O. 2718, No. 9, 22.1.1830. (S. Arg. K.)

(4) (a) C.O. 2722. Graaff-Reinet, No. 27, 9.3.1830. (S. Arg. K.)

(b) C.O. 2721. Albany en Somerset, No. 105, 8.10.1830. (S. Arg. K.)

(5) C.O. 2750. Graaff-Reinet, No. 21, 22.3.1834. (S. Arg. K.)

(6) South African Commercial Advertiser, No. 1031, 29.4.1837.

Om die skadelike gevolge van ledigheid en daarmee gepaardgaande ondeugde te bestry, het 'n dameskring 'n skool in Swellendam geopen. Hierdie skool was vir „alle jongens onder tien en alle meisies beneden de dertien jaren, maar bijzonderlijk de laasten, uitnodigden, tot welke klasse, benaming of kleur zij ook behoorden, om te komen en voor niet onderwijs te genieten in het lezen en schrijven, en in de eerste en voornaamste gronden van de Christelijke Godsdienst. Zeventig kinderen verzamelden zich spoedig rondom dezen standaard van ware menschenliefde". (1) Hierbenewens was die Hollandse Openbare Skool op Swellendam ook 'n gemengde skool. „The adults and greater part of the children are persons of colour." (2)

In April 1842 doen die inwoners van Aliwal aansoek om 'n skool wat toeganklik kan wees vir alle klasse sonder onderskeid van kleur of geloof. Hulle wys daarop dat 103 kinders, 74 blankes en 29 nie-blankes van onderwys verstoke is. (3)

In George Town het A. Niepoth ook 'n blanke-nie-blanke-skool gehad. Hy kla by die Superintendent-generaal van Onderwys dat sy skool bestempel word as 'n skool vir heidene en die blankes aangeraai word om nie hulle kinders daarheen te stuur nie. (4)

Volgens 'n brief van die skoolkommissie van Caledon aan die Lt.-goewerneur was Knobel se sendingskool op Caledon ook vir beide blank en nie-blank. (5)

(1) South African Commercial Advertiser, No. 1025, 8.4.1837.

(2) (a) Blue Book, Cape of Good Hope, 1838, 212. (School Returns).

(b) Blue Book, Cape of Good Hope, Ed. Legislative Council, 1842, 246.

(3) C.O. 510, No. 35, Aliwal — S.G. van Onderwys, 20.4.1842. (S. Arg. K.)

(4) S.G.E. 1/1841, A. Niepoth — dr. J. R. Innes, 28.12.1850. (S. Arg. K.)

(5) C.O. 637, School Commission, Caledon — Lt.-Governor, 25.9.1854. (S. Arg. K.)

Verskeie skole in die buiteland distrikte was gemengde blanke-nie-blanke-inrigtings. In 1856 word Retief se skool in Wellington deur beide blank en nie-blank bygewoon. (1) Die nie-blanke nywerheidsskool, Salem, het 4 Engelse kostgangers, (2) en die Neutrale Openbare Skool op Bredasdorp word hoofsaaklik deur kinders van arm blanke ouers en gekleurdes besoek. (3) Dieselfde het gegeld vir die goewermentsskole op Victoria en Beaufort-Wes, (4) asook die skool op Clanwilliam. (5) In verband met laasgenoemde skool is dit interessant om te verneem, „that but a few of the coloured families will avail themselves of the instruction afforded to the children of all classes in the Government School". (6)

Soos in die Kaapse distrik was gemengde skole in die buiteland distrikte ook 'n taamlike algemene verskynsel soos uit onderstaande gegewens sal blyk:

Raithby Sendingskool: Kleurlingskool met 10 blanke. (7)

Rynse Sendingskool, Worcester: 8 blank en 228 nie-blank. (8)

Tasmania: Skole op die nedersetting heeltemal net vir jong kinders en toeganklik vir alle klasse en beide geslagte. (9)

Ceres: Die skool word bygewoon deur blank en nie-blank. (10)

(1) S.G.E., 1/1842, Kol. Sekr. - Sup.-Genl: van Onderwys, 11.6.1858. (S. Arg. K.)

(2) (G. 16-'56) Reports on Native Industrial Institutions, 2.

(3) (G. 16-'57) Report on Public Education, Report I, 4.

(4) Ibid., 6.

(5) S.G.E. 1/1843, Dok. No. 114, 20.3.1858.

(6) Ibid.

(7) (G. 16-'57) Report on Public Education, 19.

(8) Ibid., 20.

(9) S.G.E. 5/4, Brief S.G.O.-J. Cambell, Tasmania, 12.5.1858 269-270.

(10) S.G.E. 5/4, Brief S.G.O.-Kol.Sekr., No. 18, 1.2.1858.

Eerste River: 19 kinders waarvan 3 blank was. (1)

Houw Hoek: Die meerderheid van die kinders was gekleurdes. (2)

Caledon: Sendingskool van die Engelse Kerk met 35 leerlinge waarvan $\frac{2}{3}$ blank was. (3)

Bredasdorp: Voorleserskool van Nederduits Gereformeerde Kerk, van die 24 leerlinge was een blank. (4)

Riversdal: Sendingskool van die Engelse Kerk met 10 blankes en 6 nie-blankes. (5)

Mosselbaai: Engelse Sendingskool met 72 leerlinge waarvan die meeste gekleurd was. (6)

Swellendam: (a) Hollandse Sendingskool met 132 kinders waarvan die meeste nie-blank was. (7)

(b) Klipriver, Ondersteunde Openbare Skool met 143 leerlinge waarvan byna almal blank was. (8)

Ceres: Neutrale Openbare Skool met 56 kinders waarvan 10 blank was. (9)

Swellendam: Op die maandelikse skoollyste word slegs melding gemaak van 1 nie-blanke kind op 'n skool vir blankes. (10)

Anenoris, Namakwaland: 43 kinders op die rol waarvan 'n paar blank was. Dit was 'n nie-blanke skool wat deur 'n paar blankes bygewoon is. (11)

(1) C.O. 767, Byvoegsel tot Speciale Rapport van S.G.O., No. 84, 12.5.1860.

(2) Ibid., (S. Arg. K.)

(3) Ibid., (S. Arg. K.)

(4) Ibid., (S. Arg. K.)

(5) Ibid., (S. Arg. K.)

(6) Ibid., (S. Arg. K.)

(7) Ibid., (S. Arg. K.)

(8) Ibid., (S. Arg. K.)

(9) C.O. 767, Byvoegsel tot Speciale Report van S.G.O., No. 84, 12.5.1860.

(10) S.W.M. 12/87 (Swellendam) 1861. (S. Arg. K.)

(11) (G. 3-'83) Supplement to Report of S.G.E., by J. Samuel, iii.

Pella: Daar woon slegs 'n paar Boere in die omgewing en hulle kinders word deur Rooms-katolieke priesters onderrig. „Besides Europeans, a number of Damaras and Bastards live at Pella, and their children attend school. Two or three of the white children from the neighbourhood of Ookiep are boarders." (1)

Concordia: 118 nie-blankes en 18 blankes word saam onderrig. „The white children are either the children of residents or boarders with the Rev. Mr. Dönges, the master, and other Europeans in the village." (2)

„En van die belangrikste gemengde skole was die Lovedale-nywerheidsskool wat ook voorsiening gemaak het vir toelatingsonderwys tot 'n universiteit of hoër op-leidingsinrigting. Op Woensdag, 7 Julie 1841 is die skool met 9 blankes en 11 nie-blankes geopen.(3) Die doel met die skool was om die opgevoede naturel te laat kennismaak met die Engelse literatuur, wetenskap en praktiese godsvrug sodat hy dit later deur middel van sy moedertaal onder sy volksgenote kan versprei. (4)

Om die nie-blanke vinnig te verwesters en te beskaaf het die hoofde van Lovedale geglo dat hy in noue kontak met die blanke moet leef. „Several of the principles on which Lovedale has been conducted are peculiar to it, and are not found elsewhere. The first is the brigading of Europeans and Natives together in their true relation of one another. They are in the same classes; in the same Literary Societies; and they eat in one Dining Hall. They are entirely separated in dormitories, and at din-

(1) (G. 3-183) Supplement to Report of S.G.E., by J. Samuel, iii.

(2) Ibid., iv.

(3) G.M.S. Autumn Quarterly Intelligence 1841, 145.

(4) (a) G.M.S. Autumn Quarterly Intelligence 1841, 1-5.
(b) Christian Express, Dec. 1878, 5. (Mr. Weir's Jubilee Address.)

ner they sit at separate tables. In games they are usually separate, being allowed to please themselves, but they meet in the grounds. It will be seen that they are brought into a true relationship with each other, and also that they are not mixed up.

There is here a practical recognition that the Africans are our fellowmen; that they are a fixture here, and cannot be removed, that Europeans must accept them as fellow-citizens, that they have all the rights of British subjects, and must be treated according to the law of the Empire.

Europeans and Africans have the same Alma Mater, learn in the same Classes and Literary Societies, and by intercourse, to respect each other; and they acquire common sympathies which usually last for life. The African, like the rude country lad who goes to a city to mix with young gentlemen at college, learns civilized usages from the European, while the latter, separated as the British officer from the private by strict regulation of Mess, loses nothing by contact.

Here the foundation is laid for the true relationship between Europeans and Africans, who must find out how to live together as citizens in the same country.

Lovedale is unique in this. In boarding establishments there is no such thing anywhere else in Africa or America." (1) Nie slegs word die toestand in hierdie skool baie duidelik weerspieël nie, maar ook die doel van die liberalis met die gemengde skoolopvoeding.

In April 1863 was daar uit 'n totaal van 103 leerlinge 48 blankes, waarvan 8 kosgangers en 40 dagskooliere was. (2) Later het die kosgangers vermeerder

(1) Christian Express, Sept. 1891, 39. (Andrew Smith)

(2) C.O. 809, April 1863, Ecclesiastical Division, Educational Branch. (S. Arg. K.)

tot 14 en die dagskoliere verminder tot 35 wat die aantal blanke skoliere vermeerder het tot 49. (1) Teen die einde van die jaar het die blanke dagskoliere met 7 verminder en die nie-blankes met 7 vermeerder. Uit 'n totaal van 103 was dus 42 blank en 61 nie-blank. (2) In 1874 was daar 32 blanke kosgangers en 14 nie-blanke en blanke dagskoliere. Daar word nie gemeld hoeveel nie-blanke dagskoliere die inrigting bygewoon het nie. (3) In 1896 word Lovedale deur die Kaapse Onderwysdepartement in kennis gestel dat blankes wat hulle opleiding aan genoemde inrigting ontvang het, nie toegelaat sal word om in te skryf vir die eksamen wat aan die einde van die eerste jaar vir die Normaalkursus geskryf word nie. Die Pers het hewig geprotesteer, maar dit het niks gebaat nie. (4) Die gevolg was dat die blanke studentetal vinnig afgeneem het.

In 1882 vind die Direkteur-generaal, Donald Ross, dat daar op die sendingskole wat deur hom geïnspekteer is, 5,906 blankes en 26,278 nie-blankes is, en dat 26,278 van hierdie leerlinge benede standaard I is. (5) Alhoewel hy nie al die skole besoek het nie, is sy gegewens nietemin 'n aanduiding dat blanke-nie-blanke-gemengde skole nog 'n algemene verskynsel was.

In sy verslag vir die jaar 1890 wys die Superintendent-generaal, L. Dale daarop, dat daar 10,184 blanke kinders op die sendingskole is. „These are mostly the children of the poorer class of white people living in

(1) (G. 11-'64) Dok. No. 54, No. 240, Education-Report on Lovedale. (S. Arg. K.)

(2) C.O. 822, Ecclesiastical-1864, Report on Lovedale 1863. (S. Arg. K.)

(3) (G.1-'75) Report of Schools inspected by S.G.Ed; No. 243, XVII.

(4) Shepherd, R.H.W., Lovedale, South Africa. The story of a Century, 1841-1941, 244.

(5) (G. 12-'83) Ross, D., Preliminary Report on State Education, 12.

the more populous towns and villages. (1)

Omdat in die buitedistrikte soos in die Kaapstadse distrik, nie altyd in die skoolopgawes 'n verskil tussen blank en nie-blank gemaak is nie, is dit moeilik om te bepaal hoeveel skole en watter skole 'n gemengde skoolbevolking gehad het. Skole is ook nie gereeld geïnspekteer nie en baie skole het nagelaat om hulle opgawes in te dien.

In 1893 was daar in die blanke gebiede in die buitedistrikte 1257 skole. Hiervan is 682 net deur blankes bygewoon, 270 net deur nie-blankes, 123 deur beide blank en nie-blank en in 182 skole word nie aangedui hoe die skoolbevolking saamgestel was nie. (2) Die gemengde skole het uit die volgende bestaan:

(a) Neutrale Openbare Skole: Kategorie A.

Klas I = 1.

Klas II = 2.

Klas III = 20.

(b) Sendingskole: Kategorie B.

79

(c) Naturellenwywerheid— en Opleidingskole:
Kategorie C.

9

(d) Privaatplaasskole: Kategorie F.

11

(e) Skole vir Armes.

1.

(3)

In die naturellegebiede was daar 291 skole. Hiervan is 34 net deur blankes bygewoon, 220 net deur nie-blankes,

(1) (G. 8-'91) Annexures to the Votes and Proceedings of the House of Assembly, Cape of Good Hope, 1891, Vol. I, Report of Sup.-Gen. of Educ. for 1890.

(2) (a) Education Gazette, S.G.E. 2/1, Vol. I, A-C, 1893.
(b) Education Gazette, S.G.E. 2/2, Vol. II, E-K, 1893.
(c) Education Gazette, S.G.E. 2/3, Vol. III, L-Q, 1893.
(d) Education Gazette, S.G.E. 2/4, Vol. IV, R-W, 1893.

(3) Soos (2)

18 deur beide blank en nie-blank en in 19 skole word nie aangedui hoe die skoolbevolking saamgestel was nie. (1)
Die gemengde skole het uit die volgende bestaan:

(a) Neutrale Openbare Skole: Kategorie A.

Klas II = 1.

Klas III = 3.

(b) Naturellenywerheid— en Opleidingskole:
Kategorie C.

12.

(c) Privaatplaasskole: Kategorie F.

2.

(2)

Dit word dus opgemerk dat in 1893 in die buitedis-
trikte in blanke sowel as nie-blanke gebiede gemengde
blanke-nie-blanke skole was. Van die 1347 skole in die
blanke en nie-blanke gebiede waar blank en nie-blank
aangedui word, was 141 of 10.46 persent gemeng.

Aan die einde 1897 was daar in die blanke gebiede
in die buitedis-
trikte 1794 skole waarvan 1236 net blank,
391 net nie-blank en 167 blank en nie-blank gemeng was,
met ander woordes 9.3 persent van die skole in blanke ge-
biede was gemeng. (3) Hierdie gemengde skole het uit
die volgende bestaan:

(a) Neutrale Openbare Skole: Kategorie A.

Klas I = 1.

Klas II = 5.

Klas III = 19.

(b) Sendingskole: Kategorie B.

106.

(c) Naturellenywerheid— en Opleidingskole:
Kategorie C.

8.

(1) Education Gazette, S.G.E. 2/5, Vol. V, 1893, Native Territories.

(2) Ibid.

(3) Vasgestel uit die Statistieke soos verstrek in die Education Gazette, S.G.E. 15/1, Vierdie Kwartaal 1897.

(d) Distrikskosskole: Kategorie D.

1.

(e) Privaatplaasskole: Kategorie F.

17.

(f) Skole vir Armes.

10.

(1)

In genoemde jaar was daar in die nie-blanke gebiede in die buitedistrikte 445 skole waarvan 68 net blank, 361 net nie-blank en 16 blank en nie-blank gemeng was, met ander woorde 3.6 persent van die skole in die nie-blanke gebiede was gemeng. (2) Die gemengde skole het uit die volgende bestaan: 14 Naturellenwyerheid- en Opleidingskole, 1 Neutrale Openbare Skool, Klas III, en 1 Privaatplaasskool. (3) Selfs aan die einde van die 19e eeu, en soos nog sal aangetoon word, ook in die 20e eeu, was gemengde skole in die Kaapstadse distrik sowel as in die buitedistrikte nog in swang.

4. Bykomstige Faktore wat Gesamentlike Skoolopvoeding van Blank en Nie-blank bevorder het.

Behalwe die liberalistiese doel van blanke-nie-blanke-gelykmaking, was daar ook ander faktore wat gesamentlike skoolopvoeding van blank en nie-blank in die hand gewerk het. Die tekort aan onderwysers was dikwels die oorsaak dat daar nie beskikbare leerkragte vir beide blank en nie-blank in afsonderlike skole was nie. (4) Die plaaslike skoolkommissies het dikwels gekla dat skole gesluit is omdat daar nie onderwysers beskikbaar was nie. Dit het dikwels veral moeilik gegaan om 'n

(1) Vasgestel uit die Statistieke soos verstrek in die Education Gazette, S.G.E. 15/1, Vierdie Kwartaal 1897.

(2) Ibid.

(3) Ibid.

(4) C.O. 1, Brief No. 46, 1.4.1897, Verslag oor Skole. (S. Arg. K.)

addisionele onderwyser vir slawekinders te vind. (1)

Die gevolg was dat blank en nie-blank dan dikwels op dieselfde skool onderwys ontvang het.

As gevolg van die verspreiding van die blankes in die buiteland distrikte was daar in sekere gebiede nie genoeg blanke kinders om 'n skool op te rig nie. Op party plekke was daar soveel as 4 tot 9 kinders op 'n skool. (2) Slawekinders is dikwels saam met blankes opgeneem om genoeg kinders te hê om 'n skool op te rig. (3) Afsonderlike skole het bykomstige uitgawe meegebring wat die regering nie wou aangaan nie. (4) Hierbenewens was 'n groot persentasie van die blankes, veral in die buiteland distrikte, te arm om vir die onderwys van hulle kinders te betaal en moes hulle hulle na die vry skole stuur waar gratis onderrig verskaf is. (5) Hierdie vry skole wat hoofsaaklik uit sendingskole bestaan het, was toeganklik vir alle klasse en kleure. (6)

Dikwels was die onderwys op die gemengde skool net so goed of beter as op sommige van die blanke skole. Veral was dit die geval op sekere sendingskole, "I consider that the standard of education in this school for the coloured population is as high as in any of the Ele-

- (1) C.O. 79, Brief van Stellenboschse skoolkommissie aan Kol. Kantoor, asook verskillende Onderwysverslae. (S. Arg. K.)
- (2) (a) C.O. 203, Brief No. 2, 19.2.1824, Verslag van P.J. Truter oor die toestand van die Onderwys in die Buiteland distrikte. (S. Arg. K.)
 (b) C.O. 417, Dok. No. 2. Ook C.O. 5975, 229-235. (S. Arg. K.)
- (3) Ibid., 235.
- (4) L.G. Mission Letter No. 188, 14.8.1837. (S. Arg. K.)
- (5) (a) C.O. 899, Verslag van Sup.-generaal van Onderwys 1868, 17.
 (b) C.O. 1079, Dok. No. 9, 17.6.1879. (S. Arg. K.)
 (c) (G. 8-'89) Verslag van Sup.-genl. van Onderwys 1888.
- (6) (G. 3-'92) Derde deel van die Barry-kommissie se Verslag, 1892, p. 7, parr. 8831 en 8832.

mentary Schools, which I have yet visited." (1) „Even the white people, have sent their children to the mission school, from the confidence they have in the teacher's ability and moral character." (2) Verder het die sendingskole ook aan bepaalde kerkgenootskappe behoort en het die kind voorberei tot belydende lidmaat van sy eie kerk, terwyl die neutrale skole godsdienste sonder dogma onderrig het.

Bykomstige faktore het dus 'n belangrike rol in gesamentlike skoolopvoeding van blank en nie-blank gespeel. Dit het noodwendig in baie opsigte die beginsel van aparte skoolopvoeding oorheers en onvermydelik die saamvoering van blank en nie-blank op skool help bevorder.

5. Weerstand teen Gesamentlike Skoolopvoeding van Blank en Nie-blank.

Die blankes het die gesamentlike skoolopvoeding van blanke en nie-blanke kinders reeds kort na die tweede Engelse besetting van die Kaap begin teenwerk. In Januarie 1815 kla Jan van Lindenbaum dat die aanwesigheid van slawe en vry swartes die goeie orde van sy skool tot nadeel strek. Hy doen ook aansoek by die Stellenboschse skoolkommissie om die verpligte toelating van slawekinders en kinders van vry swartes op te hef. (3) Ook wys C.P. Maartens wat in Februarie 1821 as rondgaande onderwyser aangestel is, die Worcesterse skoolkommissie daarop dat sommige blanke ouers onwillig is om hulle kinders saam met heidense kinders te laat skoolgaan. (4)

(1) C.O. 767; Dok. No. 84, 12.5.1860. (S. Arg. K.)
Die Sup.-genl. van Onderwys se verslag oor die Steinthal-sendingskool naby Tulbach.

(2) Commission Report 1863, p. 52, parr. 374 en 375.

(3) S 22/176. Inkomende Briewe, Lyst en Rapporten betreklikelyk de School Commissie van Stellenbosch 1812-1816, J. van Lindenbaum — School Commissie, Stellenbosch, 1.1.1815, Dok. No. 17 (S. Arg. K.)

(4) W 19/121, C.P. Maartens—Worcesterse skoolkommissie, 12.10.1825. (S. Arg. K.)

In latere verslae kla hy weer dat die uiters gemengde skoolbevolking sy werk baie strem. (1) Hy wys onder andere daarop dat onder die 27 leerlinge daar 5 is wat slegs Hottentottaal kan praat. (2)

Die weerstand teen gesamentlike skoolopvoeding het in verskeie distrikte begin voorkom. Die Skool- en Bybelkommissie was later verplig om by die aanstelling van 'n onderwyser dit onder sy aandag te bring dat die vry skole toeganklik is vir almal wat behoorlik geklee gaan. (3)

In 1824 maak die Engelse ouers van Grahamstown bewaar dat die Voorleserskool wat in 1823 met W. Howard as onderwyser gestig is, deur beide blank en nie-blank bygewoon word. (4) In Oktober 1824 word 'n skool met H. Lloyd as onderwyser, spesiaal vir die Engelse kinders gestig en Howard se skool is vir die slawe- en Hottentotkinders gebruik. (5) So ver vasgestel kan word, was dit die eerste direkte segregasiemaatreëls in die onderwys sedert die Britse oornam van die Kaap in 1806. Hierdie maatregel is deur die owerheid self ingestel.

In 1829 stuur ds. Fraser van Beaufort-Wes 'n Boesmantjie wat onder sy sorg was na die skool vir blankes.

- (1) W 19/121, Skoolverslae van 29.12.1824 en 25.6.1825. (S. Arg. K.)
- (2) Ibid., Skoolverslag 25.6.1825. (S. Arg. K.)
- (3) (a) C.O. 1502, Brief van Plasket — R. Blair. 7.12.1827. 436. (S. Arg. K.)
 (b) C.O. 1502, Maj.-General Letter Book — Country Districts 1827-1828, 439, Plasket — Skoolkommissie Albany, 7.12.1827.
- (4) C.O. 386 No. 48, Landdros Rivers — Kol. Sekr. 4.5.1824. (S. Arg. K.)
- (5) C.O. 1480, Okt. 1824, 391, Brink — Rivers. (S. Arg. K.)
 (Howard se skool is later deur behoeftige blanke kinders bygewoon en het sodoende weer 'n gemengde skool geword.)

Die ouers het onmiddellik geprotesteer en gedreig om hulle kinders uit die skool te haal. Die onderwyser, J. Fleischer was verplig om die toelating van die Boesmantjie te weier. (1) Alhoewel die skoolkommissie van Graaff-Reinet die ouers se houding betreur het, moes hulle Fleischer se voorstel aanvaar dat hy Woensdae en Saterdag in die namiddag aan die nie-blankes afsonderlik onderwys gee. (2)

Met die heropening van die vry skool op Stellenbosch in 1833 het die toelating van 'n kleurlingkind 'n groot opskudding verwek. Ouers het onmiddellik hulle kinders uit die skool geneem. Daar het slegs twee blanke kinders oorgebly. Die gevolg was dat die kleurlingkind onmiddellik uit die skool geneem moes word. Die blanke ouers wou hulle kinders nie terugstuur alvorens hulle die versekering gehad het dat 'n soortgelyke voorval nie weer sou plaasvind nie. Die skoolkommissie van Stellenbosch het die ouers daarop gewys dat enige vry skool vir alle klasse van die samelewing toeganklik is. As teenargument het die ouers daarop gewys dat daar op Stellenbosch, vanaf 1823 voorsiening vir aparterskole vir nie-blankes gemaak word. Die skoolkommissie het hierop die owerheid versoek om soos voorheen £75 per jaar beskikbaar te stel vir 'n onderwyser vir die nie-blanke kinders. Sover egter vasgestel kon word, het die owerheid geen beslissing in die saak gegee nie. (3)

In Januarie 1835 maak 'n sekere F. W. Ernst van Graaff-Reinet ook beswaar teen die toelating van nie-

-
- (1) G.R. 17/122, Letters Received by School Commission Graaff-Reinet, Brief d.d. 17.6.1829, Meintjies—J. Fleischer. Brief d.d. 18.6.1829, J. Fleischer—Meintjies.
- (2) G.R. 17/123, Minutes of School Commission, Graaff-Reinet, 30.6.1829. (S. Arg. K.)
- (3) S 22/182, Uitgaande Briewe van Skoolkommissie, Stellenbosch—Kol. Kantoor 1833. (Ongedateer) (S. Arg. K.)

blanke kinders op blanke skole. Hy wys daarop dat hy nie die nie-blankes hulle onderwys ontsê nie, maar dat hulle nie skoom is nie, en die blankes met siektes kan besmet. (1) Die skoolkommissie het die standpunt ingeneem dat daar op grond van kleur geen onderskeid gemaak kan word nie: en dat dit die plig van die onderwyser is om toe te sien dat die kinders skoon is. (2)

Die algemene klagte van die blanke ouers teen gesamentlike blanke-nie-blanke-skoolopvoeding was dat die nie-blanke kind die blanke kind sleg kan beïnvloed. (3)

Weerstand het uit alle oorde gekom, maar telkens het die betrokke skoolkommissie daarop gewys dat die vry skole oop is vir alle klasse en kleure, (4) maar die weerstand van die blankes het al sterker geword. Si-
viele Kommissaris, H. Rivers, wys die owerheid daarop dat dit wenslik sal wees om naas die pasgestigte vry skool van J. R. Collins op Swellendam, ook voorsiening te maak vir 'n aparte skool vir nie-blankes, omdat hulle toelating tot die genoemde skool groot afbreuk daaraan kan doen. „I know that the admission of children of all colours would offend and to confirm (which might not be judicious at the present juncture) a prejudice, which, however wrong and to be lamented, does exist, and would probably cause the majority of the present subscribers to the English School to withdraw their sup-

- (1) G.R. 17/122, Brief van F.W. Ernst — Skoolkommissie, Graaff-Reinet, 14.1.1835. (S. Arg. K.)
- (2) G.R. 17/123, Minutes of School Commission, Graaff-Reinet, 28.4.1835 en 14.7.1835. (S. Arg. K.)
- (3) (a) G.R. 17/122, Minutes of School Commission, Graaff-Reinet, Brief d.d. 24.1.1840. (S. Arg. K.)
 (b) W 19/122, Brief 20.2.1840 & 9.3.1840 Proceedings of Worcester School Com. (S. Arg. K.)
 (Antwoorde op Omsendbrief d.d. 24.1.1840.)
- (4) U 15/15, Letter Depatched 1831, Van der Riet — Bybel- en Skoolkommissie, 1.10.1831; Van der Riet — Lamont 20.10.1831. (S. Arg. K.)

port, and thereby break up an Establishment, which is thriving perhaps beyond any in the Colony." (1) Die weerstand het in so 'n mate toegeneem, dat Sir George Napier (1838-1844) van sy beleid om nie-blankes van alle klasse saam met blankes op dieselfde skool te **forseer** uiteindelik moes afsien. (2) Gesamentlike skoolopvoeding van blank en nie-blank het alhoemeer moeilikhede veroorsaak. "The lower schools were nearly wrecked almost immediately after being started, through an attempt on the part of certain people who had peculiar ideas, to force coloured children as well as white into those schools. The schools were free, and you could not use the words 'white' and 'coloured' in any enactment. The result was, that in various places efforts were made to force the Hottentot children into schools beside the white children. Naturally the white children were withdrawn, and there was a great deal of trouble for some considerable time. Ultimately Dr. Innes, who was Superintendent-General of Education, succeeded in rectifying the matter by requiring all pupils to be decently attired and behave themselves respectably, and in course of time the coloured children were got out of these schools into mission schools." (3)

Daar is ook openlik progaganda gemaak teen gemengde skole. 'n Sekere A. Niepoth, 'n onderwyser van 'n blanke-nie-blanke-skool kla by die Superintendent-generaal van Onderwys dat mnr. Brewis, 'n diaken van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Georgetown, blanke ouers afraai om hulle kinders na sy skool te stuur om-

(1) C.O. 840, No. 50, Rivers — Kol. Sekretaris, 23.10.1838. (S. Arg. K.)

(2) Bunbury, C.F.J., Journal of a Residence at the Cape of Good Hope, 1848, 277-278.

(3) (G. 3-'92) Getuienis van George McCall Theal voor Barry-kommissie 1892, 30, par. 9205.

dat dit 'n skool vir heidene en gevolglik ongeskik vir blankes is. (1)

Die weerstand teen gesamentlike skoolopvoeding het so sterk geword, dat selfs die Biskop van Kaapstad in sy getuienis voor die Onderwyskommissie op 13 November 1861 verklaar het: „I think there is a great disinclination on the part of the whites to be educated with the blacks.” (2) Ook wys ds. . Thompson in sy getuienis voor dieselfde Kommissie daarop dat 'n gekleurde in een van die plattelandse dorpe sy kind uit die sendingskool gehaal het om hom 'n beter onderwys in een van die goewermentskole te gee. Sy toelating tot die skool het 'n groot opskudding onder die blankes verwek; binne 'n halfuur het 28 blankes die skool verlaat. (3)

In September 1864 laat „De Zuid-Afrikaan” hom baie skerp uit teen die gesamentlike skoolopvoeding van blank en nie-blank. Die stigting van aparte skole in baie dele van die land uit protes teen die gemengde skole, word aangeprys. (4) In Junie 1865 word die protes herhaal. Die blad wys daarop dat in die skoolwese nie slegs die ~~Exeter Hall~~-beleid gevolg word nie, maar dat die nie-blanke selfs ten koste van die arm blanke bevoordeel word. (5)

Dit is veral op die platteland waar die Hollands-sprekende Afrikaner geveg het vir sy Protestantse godsdiens, sy moedertaal en die verwydering van nie-blankes van blanke skole. „There are a few examples of the ob-

(1) S.G.E. 1/1840, A. Niepoth — dr. J.R. Innes, 28.12.1850. (S. Arg. K.)

(2) Report on the Government Educational System of the Colony, Cape of Good Hope 1863, 85, par. 745.

(3) Report on the Government Educational System of the Colony, Cape of Good Hope, 1863, 125, par. 1014.

(4) De Zuid-Afrikaan, Hoofartikel, 15 September 1864.

(5) Ibid., 25 Junie 1865.

jections which are constantly raised, and will help to explain why so little progress is made in setting up new schools in localities remote from larger towns." (1)

Verskillende plekke op die platteland waar die owerheid nuwe skole wou open, wou die blanke gemeenskap weet:

- (i) "Whether religion and Bible were excluded from Public Schools. (ii) Whether the Dutch language would be excluded. (iii) Whether coloured children were excluded from schools aided by Government." (2)

Die teenstand teen gemengde skoolopvoeding en die verwaarlosing van die godsdiens op skool het ernstige afmetings begin aanneem, dit het so erg begin word dat die Inspekteur, A.N. Rowan die Onderwysdepartement begin waarsku het. "Knowing how keen are the religious sensibilities of our agricultural population and how soon aroused, I would warn all friends of Education that breakers are ahead, and that unless the bark of education is cautiously and skilfully steered, it will be stranded on the rocks of religious discord and race antipathy." (3)

In die "Patriot" en "De Zuid-Afrikaan", in die Parlement en deur die Afrikaanse Kerke word te velde getrek teen gemengde blanke-nie-blanke-skoolopvoeding (4) en die gevolg was dat blanke-nie-blanke skole vinnig begin verminder het.

(1) Report of Sup.-Gen. of Education, 1881, 320-321.

(2) (G. 3-'83) Reports of Enquiries into the State of Education, by J. Samuel, organising Inspector from July, 1881, to June, 1882. Supplement to Report of Supt.-Gen. of Education 1882, XVIII — XIX.

(3) (G. 9-'86) Report of A. N. Rowan, Supplement to Report of Sup.-Gen. of Education, 1885, XIV.

(4) (a) "De Zuid-Afrikaan" 7.4.1896.
 (b) Hansard 1896, 397.
 (c) Hansard 1898, 318.

6. Metodes wat aangewend is om Gesamentlike Skoolopvoeding van Blank en Nie-blank te vermy en teen te werk.

Gesamentlike skoolopvoeding van blank en nie-blank is nie deur die wet verbied nie, inteendeel was alle staat- en staatsondersteunde skole vir almal toeganklik afgesien van ras of kleur. Die gevolg was dat die blankes van allerlei metodes begin gebruik gemaak het om hierdie bepaling te probeer ontduik. Soos duidelik uit die voorafgaande paragraaf blyk, was een van die mees algemene metodes van die blanke ouers om hulle kinders te onttrek. (1)

'n Ander metode wat toegepas is, was om voorsiening te maak vir 'n nie-blanke skool sodat dit nie nodig was om nie-blankes tot die blanke skool toe laat nie. (2) Ook is reëlins getref om die nie-blankes op ander tye as die blankes te onderrig. (3) Die onderwysers het ook spesiale toelae vir hierdie bykomende diens ontvang. Dikwels is die toelae deur privaat persone verskaf. (4)

Om die nie-blanke weg te hou van die skole vir kinders van ryk en vooraanstaande ouers, was dit 'n vereiste dat vir die onderwys betaal moet word. „At present the Established Schools, afford instruction not to the children of the poorer classes, but to those of the

-
- (1) (a) G.R. 17/123, 30.6.1829, Minutes of School Commission, Graaff-Reinet. (S. Arg. K.)
 (b) C.O. 840, No. 50, Rivers—Kol.Sekretaris, 23.10.1838. (S. Arg. K.)
 (c) C.O. 2748, Dok. No. 59, April 1834. (S. Arg. K.)
- (2) (a) C.O. 79, Brief, ds. Borchers-Skoolkommissie, 7.7.1816. (S. Arg. K.)
 (b) C.O. 203, Skoolkom.-Kol.Kantoor, 24.12.1842. (S. Arg. K.)
 (c) C.O. 362, Dok. No. 26, Indeks C.O. 2469, 53. (S. Arg. K.)
 (d) L.G. 191, Dok. No. 28, 11.1.1837, Skoolkom., Somerset— Lt. Goewerneur. (S. Arg. K.)
- (3) C.O. 203, Dok. No. 2, Verslag van P.J. Truter oor toestand van Onderwys in Buitedistrikte, 19.2.1824.(S.Arg.K.)
- (4) (a) C.O. 362, Dok. No. 82, (S. Arg. K.)
 (b) Blue Book, Legislative Council, Cape of Good Hope, 1838, 218-225.
 (c) C.O. 518, Sup. G.O., Dok. No. 107, 5.8.1843. (S. Arg. K.)

middling and upper classes, who can well afford to pay." (1) Die toestand was so ooglopend dat die Koloniale Sekretaris nie kon nalaat om die Superintendent-generaal van Onderwys te waarsku teen eksklusivisme nie.

"At the same time care must be taken that the children of the humbler classes shall not be excluded, and that the character of no school shall be changed so as to establish or to increase its exclusive character." (2)

Hierdie metode het nie slegs gegeld vir sover dit middelbare onderwys betref het nie, maar ook in die geval van laeronderwys. "The elementary course was free until 1860, when a small fee was exacted for that, as it had always been for the superior course of instruction." (3) Die indeling van die skole in verskillende kategorieë het die kind van die nie-blanke en die arm blanke op die laagste graad skole met die mees elementêre onderwys geforseer. "Practically, these schools (Aided Mission Schools) provide a rudimentary education for the coloured children, and other neglected children of those who are not, from their poverty and position, able or willing to avail themselves of the higher instruction given in the aided public school, and not sufficiently educated and enlightened to organise and manage schools themselves." (4)

Dat die skole in die hoogste kategorieë op 'n indirekte wyse (5) vir die gegoede en vooraanstaande klasse gereserveer was, word ook baie duidelik deur die

(1) C.O. 767, Col. Sekr. — Sup.-Gen. of Education, 26.7.1860. (S. Arg. K.)

(2) C.O. 767, Kol. Sekr. — S.G.O., 26.7.1860.

(3) (G. 16-'64) Education 1854-1860, No. 240, Doc. No. 55, Report of Superintendent-Gen. of Education, 6. (System of Public Education: A. Established Government Schools.)

(4) Ibid., 7.

(5) Hier word van indirekte wyse gepraat omdat alle staats- en staatsondersteunde skole volgens wet toeganklik was vir alle klasse.

Direkteur-generaal van Onderwys, D. Ross aangetoon. "It must be noted that the first class Schools are to a large extent the schools of the aristocracy or ruling classes, rather than those of the multitude or the people in general. For in several instances, under the operation of the guaranteeing system, the fees are so high as virtually to exclude the labouring classes entirely. In the same way the Second Class Schools are more or less the property and preserve of the superior ranks. I have ascertained that it is not uncommon to admit into all classes of schools the children of the poorer citizens at reduced fees, or even free, but obviously the arrangement is defective, and generally the poorer white population in towns send their children to inferior Mission Schools where most likely they can learn little to benefit them, or to private adventure schools, or they neglect them altogether." (1)

Die oprigting van privaatskole was nog 'n metode om die nie-blanke uit te skakel uit die skole vir blankes. Engelssprekendes het verskillende seminaries vir seuns en dogters gestig wat net ^{deur} blankes bygewoon is. (2) Dit was egter die Hollandssprekende Afrikaner wat die privaat-skool as toevlug gebruik het terwille van sy godsdienst, taal en blanke-nie-blanke-skeiding. "There is probably in no other country where private schools, unaided by the state and altogether unendowed, have risen so rapidly, or upon the whole succeed so well against the natural competition of the Government Schools, which are generally supported out of public funds. At the Paarl, Wellington, Worcester, Graaff-Reinet, Beaufort West, Swellendam, Oudtshoorn, and other places, are splendid buildings which were erected largely through the zeal

(1) (G. 12-'83) D. Ross, Preliminary Report on State Education, 12.

(2) Blue Book, Ed. Legislative Council, 1941, 244-249.

and interest of the Dutch Reformed Church guiding the incipient desire of the people." (1)

Afgesien van wat die wet bepaal het, het die blanke die nie-blanke duidelik laat voel dat hy onwelkom op die blanke skole is. Die gevolg was dat die nie-blanke nie begerig was om sy kinders na skole vir blankes te stuur nie. (2)

Allerhande metodes is gebruik om die nie-blanke kind van die skool vir blanke kinders weg te hou. Sommige van hierdie metodes het op openlike diskriminasie neergekom. n Duidelike klasse-indeling met die nie-blanke en die arm blanke as die laagste klas in die samelewing was die basis waarop die gemeenskapsorde berus het. Die gelykstellingsbeginsel van die liberalis het net vir hierdie onderste laag waarvan hy self uitgesluit was, gegeld.

7. Gevolge van Gesamentlike Blanke-nie-blanke-skoolopvoeding.

Die gevolge word al dadelik duidelik weerspieël in die weerstand wat die blanke teen gesamentlike skoolopvoeding gebied het, asook in die metodes wat hy aangewend het om dit te vermy en teen te werk. Die onhoudbaarheid van die gelykstellingsbeleid is baie duidelik geopenbaar. In plaas van ineensmelting, het dit weerstand, antipatie en diskriminasie tot gevolg gehad. Nieteenstaande daar dus die nodige fasiliteite vir sy kind op die blanke se skool was, het hy nie daarvan gebruik gemaak nie. In

(1) (G. 12-'83) D. Ross, Preliminary Report on State Education, 15.

(2) (a) Report of Select Committee on Government Educational System 1854, 20, par. 177. (R. Innes se getuienis voor die Komitee.)

(b) S.G.E. 1/1843 Dok. No. 114, 20.3.1858. ("That but a few of the coloured families will avail themselves of the instruction afforded to the children of all classes in the Government School.")

die onderwysverslae word telkens daarop gewys dat min of geen nie-blankes die blanke skole bywoon. (1)

Behalwe die sterk antipatie wat die blanke teenoor die bywoning van sy skool deur die nie-blanke geopenbaar het, het die nie-blanke dit uiters moeilik gevind om hom aan te pas. In die eerste plek het Engels as vreemde taal hom baie gestrem. „There is a good deal of difficulty arising from the pupils being taught in a language with which they are unacquainted." (2) Die westerse skoolopvoeding was vreemd aan sy agtergrond en het nie aangepas by sy huislike opvoeding nie, met die gevolg dat sy vordering op skool veel te wense oorgelaat het, veral waar dit meer gevorderde onderrig gegeld het.

„At all the Missionary Institutions that I have visited there is a sluggish carelessness, an inertness on the part of the children in the higher school, which forms a perfect contrast to that eager inquisitiveness manifested in the school of Uitenhage; and what puzzles me more is, this remark does not apply to the infant schools." (3) L. Dale, Superintendent-generaal van Onderwys, wys daarop dat die nie-blanke se vordering in godsdiensonderrig, waar meestal van die kategetiese metode gebruik gemaak word, en baie herhaling is; bevredig-

- (1) (a) S 22/176, S 22/177, Inkomende Briewe, Kwartaalrapporte en Betaallyste van die Skoolkommissie Stellenbosch en Paarl. (S. Arg. K.)
 (b) W 19/121, Schoolberigten en Naamlysten van Worcester en Tulbach. (S. Arg. K.)
 (c) S.W.M. 12/87 Maandlyksche Schoollysten, Swellendam. (S. Arg. K.)
 (d) C.O. 395 No. 10, Kaapstadse Distrik — Kol. Kantoor. (S. Arg. K.)
 (e) C.O. 2718, Dok. No. 9, Verslag van A. Brown se skool, 22.1.1830. (S. Arg. K.)
 (f) S.G.O. 1/1843, Dok. No. 114, 20.3.1858, Goewermentsskool, Clanwilliam. (S. Arg. K.)
 (g) (G. 7-'56) Report on Public Education, No. 2, 10. (S. Arg. K.)
- (2) (a) (G. 7-'56) Ibid., 11.
 (b) Report of S.G.E., 1882, App. P., X4III-XIV.
- (3) Rambler, A., in die South African Commercial Advertiser No. 1079, 14.10.1837.

gend is, „while the secular instruction demands exercise of intellectual power, especially the faculty of observation, which is amongst them noticeably dormant." (1)

Hy wys ook later daarop dat die resultate van die algemene skoolopleiding baie beter is as die inboorlinge nie ingesluit word nie. (2) Die leerplan vir die blanke kind was dus ongeskik vir die nie-blanke, in so 'n mate dat L. Dale van mening was dat verpligte skoolopvoeding vir die nie-blanke nie sou vergoed vir die verlies in vroeër opleiding tot arbeidsaamheid nie. „To compel them to forego this career of usefulness by an obligatory attendance at school would be a mistake; persistent industry are by no means a characteristic of the race, and a somewhat higher standard of elementary instruction would be no adequate compensation to the community for the withdrawal of these factors from the labour market nor to themselves for the loss of early experience in practical industry." (3) Dit is dus baie duidelik dat die nie-blanke nie juis veel baat by die soortgelyke skoolopvoeding van die blanke gevind het nie.

Gesamentlike en soortgelyke skoolopvoeding van blank en nie-blank het laasgenoemde onder die indruk gebring dat skoolopvoeding hom vry stel van handewerk en dat opleiding in handewerk geen skoolopvoeding is nie. „In consequence of this, several of the children, — whose parents could not properly appreciate a training which combined the foundation of habits of industry with some mental improvements, and who wish their children to eat plenty of food and to wear good clothes without

(1) C.O. 899, Dok. No. 7, 16.3.1869, Verslag van S.G. Onderwys aan Goewerneur. (S. Arg. K.)

(2) C.O. 1228, Dok. 22, 28.4.1883, 10-14, Vergelykende Skoolstatistieke van 1861 en 1882. (S. Arg. K.)

doing more than attend the School a few hours each day, and who, if their children were employed in any way, demanded payment, were gladly allowed to go; and others, who thought the restraint too irksome and the labour too hard, conducted themselves in such a way as to necessitate their being sent away." (1) Die skoolopvoeding wat die nie-blanke saam ~~met~~ die blanke geniet het, het tot gevolg gehad dat arbeid as die belangrikste vereiste in die ontwikkeling van 'n volk, in sy opvoeding uitgeskakel is. Hy het nie slegs 'n verkeerde begrip van skoolopvoeding ontwikkel nie, maar die ewewig in sy aanpassing verloor en sy vordering gestem. (2)

Die nie-blanke self, veral die Bantoe, het gekant geraak teen die blanke skoolopvoeding van sy kind. Hy het beweer dat die blanke se skoolopvoeding hom die houvas op sy kind laat verloor sover dit sy eie gewoontes en gelowe betref. (3) „They want nothing for themselves, and they want their children to be as themselves." (4) Van die 75 skole wat die Superintendent van Onderwys in die Middel- en Oostelike distrikte besoek het, was 28 doeltreffend, 15 redelik, 24 aan die slegte kant en 8 baie sleg. (5) Met ander woorde 47 uit die 75 skole was nie eers middelmatig nie. Hulle het nie aangepas by die kind se huislike agtergrond nie. Omdat die skoolopvoeding heeltemal los gestaan het van die nie-blanke

(1) G.O. 809, April, 1863, Ecclesiastical Division, Report on Native Industrial Institutions, Herald Town.

(2) (a) In die Duitse Sendingskole waar arbeid en nie-blanke volkseie van die begin af as die belangrikste beginselpunte gegeld het, was die standaard en vordering altyd baie goed. (G.O. 767, Dok. 84, 12.5.1860.)

(b) Ook Sabra, No. 3, April 1957, 113-120. (Eiselen, W.M.M., „Duitse Sendingwerk in Suid-Afrika en die Bantoevolkseie.")

(3) (G. 31-'69) Education No. 241, Doc. 22, 6. (S.Arg.K.)

(4) Ibid., 6.

(5) Ibid., 6.

gemeenskap het die westerse skoolopvoeding in baie gevalle nie veel gebaat nie. Die opgeleide naturel het dikwels weer teruggegaan na die kraal en aangesluit by die tradisies, gewoontes en gebruike van sy eie mense en weer verval tot barbarisme. Dr. James Stewart, hoof van die Lovedale-nywerheidsskool, het selfs die owerheid oorreëd om ook 'n opleidingskool vir meidjies op te rig met die doel om aan die opgeleide naturelle 'n kans te gee om meer ontwikkelde vroue te kan trou. (1)

Die westerse skoolopvoeding het nie slegs die nie-blanke, veral die Bantoe, van sy eie rasgenote vervreem nie, maar tot sy ontnugtering moes hy ook ontdek dat hy na sy opleiding nie so geredelik in die blanke gemeenskap opgeneem word nie. Die nie-blanke moes ontdek dat sy kind se skoolopleiding, nieteenstaande dit diesoortig aan dié van die blanke kind was, hom nie voorberei het vir 'n beter toekoms as sy ongeletterde rasgenoot nie. In die skool waar die blanke deur die wet verplig was om sy kind op te neem, kon hy saam met die blanke dieselfde geleerdheid ontvang, maar in die samelewing waar daar nie sodanige verpligtinge was nie, het die blanke hom uitgeskakel.

„I am inclined to discourage the special preparation of a few native lads here and there, at a great expense, and to assist only in the training of a sufficient number of native teachers to occupy the various school-stations at kraals. Native lads have been well educated here, and have completed their course in England; who, on returning to this colony, find no sphere or occupation but that of teachers, at a salary of about £40 per annum. This is distasteful to most of them; a long period of comparatively easy and refined life at school and at colleges has led them to expect something better. To the educated

(1) C.O. 887, Educational Document No. 39, 30.7.1868.
(S. Arg. K.)

Kaffir there is no opening; he may be qualified to fill the post of a clerk in a public office or in a mercantile house, but either there is no demand for such persons, or prejudice operates against persons of colour so employed. To give a high education to Kaffir boys, and then to leave them isolated from their own people in thoughts and habits, and to some extent to language, and without any prospect and settled occupation in another sphere of labour, is only to increase the existing temptations of the so-called school Kaffir to fall into the vices of low Europeans with whom they are brought into contact. We require a steady supply of Native Teachers, trained to teach and to work and in constant and free intercourse with their own people, without that over-refinement which elevates the individual too much above his fellows." (1)

Blanke skoolopvoeding aan die nie-blanke het dus tot gevolg gehad, die ontworteling van indiwiduele nie-blankes in hulle eie gemeenskap, sonder om vir hulle 'n heenkome in 'n ander gemeenskap te verseker. Dit het die indiwiduele nie-blanke kunsmatig opgehef, terwyl dit aan die nie-blanke gemeenskap as sodanig afbreuk gedoen het.

In plaas dat gesamentlike en soortgelyke skoolopvoeding die verhouding tussen blank en nie-blank verbeter het, het dit vertroebeling meegebring. Dit het die nie-blanke met agterdog vervul en die blanke met vrees en jaloesie. Hy het die nie-blanke met 'n soortgelyke opleiding as sy eie, as 'n mededinger beskou. (2)

Die nadeligste gevolg van gesamentlike blanke-nie-

-
- (1) (G. 31-'69) Education No. 241, Doc. 22, 1869, Report of Inspection of Schools in the Middle and Eastern Districts, Sup. Gen. of Education.
- (2) (G. 3-'92) Getuienis van J.H.B. Brady, Assist. S.G.O., voor Barry-kommissie, 7, par. 8856.

blanke-skoolopvoeding was die bydrae wat dit gelewer het om die kloof tussen Afrikaner en Engelssprekende te verbreed. Die Afrikaner wat deur omstandighede die oorgrote meerderheid van die arm deel van die bevolking uitmaak het, (1) moes sy kind na die gemengde sendingskool stuur omdat hy nie die skoolgelde op ander skole kon bekostig het nie. (2) „As to the mixture of white and coloured children in school-classes, it must be noted that there are Schools expressly aided for the instruction of the Natives and of poorer children generally.” (3) Indien die Afrikaner sy kind volgens eie beginsels en huislike agtergrond wou opvoed, moes hy sy eie skole stig en onderhou sonder enige hulp van die staat, terwyl die nie-blanke vry skoolopvoeding geniet. het. „That they consider the present distribution of the grants for Education as not in conformity with equitable principles. Not equitable, because religious teaching, the principal factor in developing the mind of men, is excluded, because the State acknowledging no religion in and with the ordinary instructions. Unjust, because the Government grants are moreover unequally divided, for instance the coloured population receive grants at the expence of the white people, densely populated districts at the expence of sparsely peopled districts, institutions for higher education at the expence of lower education.” (4) Met anderwoorde die Boerebevolking op die platteland is verwaarloos terwyl die nie-blanke en die meer bevoorregtes gehelp is.

(1) (G. 3-'83) Cape of Good Hope, Report of S.G.E. on Ed. 1882, 13.

(2) Ibid., 13.

(3) Ibid., 12, par. (c).

(4) (C. 4.-'82) Petition of the Inhabitants of the District of Somerset East, in favour of the Application of the Voluntary Principle to Schools — The President and Members of the Legislative Council, Cape Town, Signed by S.K. Erasmus and 85 others. (S. Arg. K.)

Dit het die Afrikaner onder die indruk gebring dat die Engelssprekende aan die nie-blanke meer voorregte gun as aan hom. Dit kon hom ook nie kwalik geneem word nie, veral as in aanmerking geneem word, dat daarⁱⁿ 1890 8,000 blanke kinders van skoolgaande ouderdom was waarvan die Onderwysdepartement nie kon verslag gee nie. (1)

Die feit dat die Engelssprekende self weerstand gebied het teen gemengde skoolopvoeding en dit verhoed het deur middel van skoolgelde op sy skole, (2) maar die Afrikaner wat dit nie kon bekostig nie, saam met die nie-blanke op dieselfde skool gedwing het, het laasgenoemde diep gegrief en verontwaardig laat voel. Die mening het by hom posgevat dat die Engelssprekende hom saam met die nie-blanke in die laagste stratum van die samelewing geklassifiseer het. Selfs L. Dale het die toestand as ongewens beskou. "One of the most objectionable features in the working of the system, is that these poorer white children, chiefly Dutch speaking, especially white girls for instance, should be brought into daily contact with a very low type of Cape Town coloured boy. It is a very serious question." (3) Die gevolg van gesamentlike skoolopvoeding het 'n klasseverdeling teweeggebring wat nie slegs die kloof tussen Afrikaner en Engelssprekende verbreed het nie, maar ook die verhouding tussen blank en nie-blank vertroebel het. Hulle het

- (1) (G. 8-'91) Report of Sup. Gen. of Educ. 1890, 15, par. 81. ("There is then a residuum of some 8,000 white children of schoolgoing age not accounted for.")
- (2) Waar die nie-blanke dit kon bekostig het, is alrethande verskonings gemaak om hom te ontmoedig. (C.O. 5105, Brief No. 52, 16 Feb. 1857)
- (3) (a) (G. 3-'92) Report of Educational Commission, 1891, App. B, 213 & App. C, 214, parr. 8-9, 30 & 87.
- (b) (G. 8-'91) Report of S.G.E. 1890, 7, par. 29.

meer vervreemd en vyandig teenoor mekaar geword. (1)

8. Vordering met Aparte Skoolopvoeding van Blank en Nie-Blank.

As in aanmerking geneem word: die weerstand teen gesamentlike blanke-nie-blanke-skoolopvoeding, die metodes wat gebruik is om dit te verhoed en die gevolge wat daaruit voortgespruit het, moes daar vordering in die teenoorgestelde rigting, naamlik aparte skoolopvoeding van blank en nie-blank gewees het.

Reeds in 1815 besluit die Stellenbosse skoolkommissie dat onderwysers aan die openbare skole in Stellenbosch en Paarl die reg het om slawekinders gedurende die gewone skoolure toegang te weier en dat die kinders van vry swartes afsonderlik van die blanke kinders geplaas moet word. (2)

In 1824 is die eerste definitiewe segregasiemaatreël in die skool vir Engelse kinders op Grahamstown deurgevoer nadat die Engelse ouers beswaar gemaak het teen die toelating van nie-blankes. (3) In dieselfde jaar doen landdros J.A. van Riet navraag in verband met die bywoning van slawekinders van Engelse en Hollandse vry skole in George, Tulbach en Uitenhage. (4) In antwoord op sy skrywe is hy neegedeel dat net die oprigting van verskeie dorpe en gehuggies, die bywoning van blanke

- (1) (a) Report of Educational Commission, 1863, "Early School Legislation" VI, par 3.
 (b) (G. 9-'86) Report of A.N. Rowan, Deputy Inspector of the Western Districts, XLV.
 (c) Supplement to the Annual Report of S.G.E., 1883, 5.

(2) S 22/168 Notule Skoolkommissie, Stellenbosch, 12.1.195 (Z. Arg. K.)

(3) C.C. 386 No. 48, Landdros Rivers aan Bird, 4.5.1824., en C.C. 1438 391, Brink aan Rivers. (S. Arg.K.)

(4) C.C. 339, No. 20, J.W. van Riet aan Kol. Sekretaris. (S.Arg. K.)

skole deur slawekinders gestaak sal word. (1) Die verwydering van die nie-blanke kind van die skole vir blankes word dus in vooruitsig gestel.

Die apartheidsgedagte het begin vordering maak, die skole wat net deur blankes of nie-blankes bygewoon is, het begin vermeerder. (2) In baie gevalle waar die nie-blankes nog die blanke skole bygewoon het, was hulle 'n onbeduidende getal. So was daar byvoorbeeld in 1860 op 'n skool in Swellendam slegs een kleurlingkind op 'n blanke skool. (3) Indien die skoolverslae, --registers, en ~~skool~~lyste nagegaan word, word gevind dat die gemengde skole dwarsdeur die Kaapkolonie met verloop van tyd almeer suiwer blanke of nie-blanke skole begin word het, nieteenstaande die plaaslike skoolkommissies en onderwysowerhede telkens daarop gewys het dat die staats- en staatsondersteunde skole toeganklik is vir almal, afgesien van ras of kleur en dat geen blanke skool volgens

- (1) C.O. 1486, Letterbook of Lord Charles Somerset, 12.3.1824, 436. (S. Arg. K.)
- (2) (a) C.O. 203, Dok. No. 2, Verslag van P.J. Truter oor toestand van die Onderwys in die Buitedistrikte, 19.2.1824. (Dr. R. Innes se skool net blankes, afsonderlike skool vir Hottentotte en slawe.)
 (b) C.O. 309, Dok. No. 48, Uitenhage. (Hollandse skool net blankes.) (S. Arg. K.)
 (c) C.O. 369, Dok. No. 9, 22.1.1830, Verslag oor skole in Stellenboschse distrik. (Verskeie skole met net blanke leerlinge, nie-blankes is in afsonderlike skool.) (S. Arg. K.)
 (d) L.G. 191, Dok. 227, 1835, Cradock vra persoon om gekleurders saans te onderrig soos in Somerset die geval is. (R. Blair — Lt. Goewerneur.) (S. Arg. K.)
 (e) C.O. 2775, Dok. 9, 31.12.1837, Verslag oor Rynse Sendingskole op Stellenbosch. (Skole word slegs deur nie-blankes bygewoon.) (S. Arg. K.)
 (f) C.O. 637, Brief, Skoolkom. Middelburg, Kaap aan Goewerneur, 23.10.1854. (Vra 'n onderwyser vir nie-blankes en een vir blankes.)
 (g) C.O. 676, Dok. No. 8, E. B. Auret — Goewerneurgeneraal 24.1.1856. (Mosselbaai, sterk teen gemengde skole gekant.)
- (3) S. W. M. 12/87, Maandelikse Skoollyste 1860. (S. Arg. K.)

wet die reg gehad het om toelating aan nie-blankes te weier nie. (1)

Die vordering van apartheid word nie slegs in die afname van gemengde skole bespeur nie, maar in die algemene beskouinge na gelang die gevolge van gesamentlike en soortgelyke skoolopvoeding van blank en nie-blank in die gemeenskap meer sigbaar word. Reeds in 1860 wys L. Dale daarop dat die skoolopvoeding moet aanpas by die omstandighede en besondere kring van die lewe waarin die kind sy bestaan moet maak. (2) Die skoolopvoeding wat die nie-blanke saam met die blanke geniet het, het hom dus nie voorberei vir sy toekomstige bestaan nie. Ook in sy getuienis voor die Watermeyerkommissie van 1863 moes die Biskop van Kaapstad erken dat daar sekere verskille is wat gesamentlike opvoeding baie bemoeilik. "Amongst us there are not only religious differences which present so great a hinderance to united action, but we have distinctions of race and colour, which are even more difficult to overcome." (3) Soortgelyke getuienis is deur ds. W. Thompson gelewer. (4) Dr. Faure maak ook dieselfde bewering. In verband met aparte skoolopvoeding, was sy antwoord. "I am sorry to say I think it is yet necessary. I wish there were only one colour and one language in the Colony, but as circumstances exist it is necessary to keep up separate schools." (5) Dit het begin deurdring dat taal- en kleurverskille nie met gesamentlike skoolopvoeding kan uitgewis word nie,

(1) (G. 3-'92) Report of Commission appointed to enquire into and report on certain matters connected with the Educational System of the Cape of Good Hope, parr. 8838-8840.

(2) Report of Supt. Gen. of Educ. 1860. 57, Par. 31.

(3) Report of the Educational Commission 1863, 85, par. 744.

(4) Report of Ed. Commission, 1863, 227.

(5) Ibid., 152-153, parr. 1328-1330.

en dat onder sodanige omstandighede daar aparte skole moet wees. "We have two great classes of schools in this colony, the public schools and the mission schools, which have practically become separate schools for the whites and the blacks; so that the Government is obliged to admit that the education of white and black children together is not practicable." (1)

Met die oprigting van nywerheidskole vir die Bantoe is gepoog om hom 'n skoolopvoeding te gee verskillend van dié van die blanke. In die meeste van die skole was die gewone onderwys slegs van elementêre aard. Dit is nie gedoen omdat die Bantoe nie dieselfde kennis as die blanke kan absorbeer nie, maar omdat hulle onderwys van nut moet wees ooreenkomstig die plek wat hulle in die samelewing moet inneem. (2) Dit word met ander woorde erken dat die nie-blanke nie dieselfde plek as die blanke, maar 'n aparte plek in die samelewing moet inneem; alhoewel hierdie aparte plek nog binne die sfeer van die blanke gemeenskap was. (3)

Vir die Superintendent-generaal van Onderwys, die persoon wat die beste bekend was met omstandighede in die onderwys, het dit duidelik geword dat gesamentlike skoolopvoeding die vooruitgang en welsyn van menige skool nadelig beïnvloed. (4) Met gesamentlike skoolopvoeding het die verwantskap met die huislike agtergrond van die verskillende groepe verlore gegaan. Om hierdie rede het die Afrikaner sy toevlug tot privaatskole geneem en die stryd begin vir die toepassing van die „Vrywil-

(1) Report of Ed. Commission 1863, 152, par. 1328.

(2) C.O. 809, April 1863, Report on Native Industrial Institutions.

(3) C.O. 809, a.w. 24.1.1864. (Lovedale, Salem, Herald Town en Lesseyton — Industriële Skole vir Nie-blankes). Hulle het nie ambagte vir nie-blankes bevorder nie, maar die nie-blanke het die ambagte van blankes geleer.) Sien ook Brookes, E.N. "The History of Native Policy in South Africa," 428.

(4) Report of Sup.-General of Education, 1867, 7, par. 21.

lige Beginsel" in die skoolopvoeding. Donald Ross wys in sy verslag daarop hoe die privaatskole wat deur die Afrikaanse Kerke gestig is, by die kind se huislike agtergrond aansluit en hy beklemtoon die belangrikheid daarvan deur te konstateer: "The family and the school can never be too intimately associated, school life if healthy, only continues the healthy influences of family discipline, and the best factor in social life of any country is the influences of the family organisation." (1)

Die besef dat die nie-blanke nie dieselfde opvoeding as die blanke moet geniet nie, word ook meer algemeen. Die beskouing dat hy as minder ontwikkelde, goeie werk-gewoontes moet aanleer in plaas van blote boekekennis wat hom nie tot veel nut in die praktiese lewe strek nie, word baie pertinent deur die Onderwyskommissie van 1879-1880 beklemtoon. "Elementary education should, of course be provided, and facilities for training pupil teachers should be maintained as far as practicable; but in our opinion the primary duty which the State owes to the aborigines of the Colony is to teach them the value of labour and industrial pursuits, and to give them such practical instruction as will enable them to carry on these pursuits." (2) Verder het die Kommissie ook aanbeveel dat die medium van onderrig sover prakties moontlik Engels moet wees, maar dat alle geleentheid daar gestel behoort te word vir die onderrig van die Bantoetaal. (3)

In 1890 was die algemene standpunt dat die sending-skole hoofsaaklik vir die nie-blankes is en die openbare skole vir die blankes. "For this populous group with

(1) (G. 12-'83) Preliminary Report on State of Education, 22.

(2) (G. 75-'80) Cape of Good Hope: Report of the Commission appointed to inquire into and report upon the working of the Education Acts in force in the Colony, 1880, 15.

(3) Ibid., 15.

its subdivisions of (a) people of mixed races and (b) aborigines, other provision is made. Elementary instruction is provided through the agency of schools connected with Mission Societies." (1) Die Superintendent-generaal van Onderwys, Langham Dale, het selfs sovergegaan om 'n publieke skool, klas iv voor te stel vir die arm kinders wat tot dusver nog van die sendingskole gebruik gemaak het. "The fourth Class of Public Schools are proposed so as to withdraw these children from the Mission Schools, which were intended for the children of coloured races." (2)

Apartheid tussen blank en nie-blank begin 'n uitgemaakte saak te word, want alhoewel Langham Dale erken dat die nie-blanke elementêre onderwys moet geniet om hom uit die staat van barbarisme te hef, beweer hy onomwonde:

"Society indeed puts a marked line of demarcation between the two groups: European and African Aborigines. No legislation, no opinions about identity or origin, no religious sentiment about the effacement of distinctions of white and black, can delete that line. It is drawn in bold ineffaceable signs, and the demarcation will last, because it is in accord with the natural instincts of the two groups of peoples." (3)

Uit die getuienis gelewer voor die Onderwyskommissie van 1891, is dit baie duidelik dat afsonderlike skole die aangewese weg is. (4) Dit word verder ook openbaar

- (1) (G. 8-'91) Report of Sup. Gen. of Education 1890, 3, Par. 7.
- (2) (G. 8-'91) Report of Sup. Gen. of Education, Par. 29.
- (3) (G. 6A-'90) Cape of Good Hope, Special Report by the Superintendent-General of Education on a Resolution of the House of Assembly concerning School Regulations, 4, Par. IX.
- (4) (G. 3-'92) Report of Commission appointed to enquire into and report on certain matters connected with the Educational System of the Colony, parr. 8833, 8841 and 9206.

dat alhoewel die wet nie gemengde skoolopvoeding verbied nie, die bestuurders van skole tog die stilswyende reg het om die toelating van sekere kinders tot die skole te weier. (1) Dit toon duidelik hoe sterk die publieke mening ten gunste van aparte skole vir blank en nie-blank was. Dit is ook opmerklik dat nie meer so openlik aangedring word dat die openbare skole vir almal afgesien van ras of kleur toeganklik is nie. Die owerheid wou die skeiding so ongemerk sy gang laat gaan. Die Assistent-Superintendent-generaal van Onderwys, J.H.B. Brady wou in sy getuienis voor die Kommissie nie aanbeveel dat die bestuurders van skole, deur die wet die reg moes ontvang om nie-blankes op die skole vir blankes te weier nie. (2) ('n Tipiese voorbeeld van Britse diplomatie om in werklikheid anders te handel, as wat aan die wêreld voorgehou word.)

In sy getuienis voor die Onderwyskommissie laat die onder-inspekteur, F.H. Ely ook duidelik blyk dat die Bantoe nie dieselfde skoolopvoeding as die blanke behoort te ontvang nie. „As a matter of fact, the native is averse to labour, and he cannot stand either mental or bodily strain for long. The work that is done at the institutions is useful as a beginning, but it will take a very long time before you actually instil habits of industry into the native mind.” (3) Ely het besef dat die nie-blanke as onontwikkelde gestadiglik van onder na bo opgehef moet word, en dat hy nie meteens gelyk gestel kan word met die blanke nie. (4)

(1) (G. 3-'92) Report of Commission appointed to enquire into and report on certain matters connected with the Educational System of the Colony, par. 8844.

(2) (G. 3-'92) a.w. par. 8844.

(3) Ibid., 95, par. 4111.

(4) Dieselfde persoon het in sy verslag van 1887 nog aan Langham Dale voorgestel, dat Bantoetale op Bantoeskole uitgeskakel en deur Engels vervang moet word. (Report of Supt.-general of Education 1887, 29, Ely aan Dale.)

Langham Dale wat vanaf 1859 Superintendent-generaal van Onderwys was, en gevolglik 'n baie deeglike kennis van onderwysomstandighede gehad het, verklaar as volg aan die Kommissie: "I do not consider it my business to force education on all the aborigines; it would mean ruin to South Africa." (1) Gesamentlike skoolopvoeding en soortgelyke skoolopvoeding het dus die grootste gevaar vir die blankes begin inhou. Hy was dus nie die enigste wat hierdie mening toegedaan was nie; 'n mening wat sy oorsprong en regverdiging gevind het in die aard van die onderwys aan nie-blankes, (2) met ander woorde, die gesamentlike en soortgelyke skoolopvoeding wat hulle met die blanke geniet het. Selfs die soortgelyke vakonderwys wat die nie-blanke apart in sy eie skole geniet het, het vir die blankes in 'n gemengde blanke-nie-blanke-samelewing 'n gevaar ingehou. Hy het die nie-blanke, wat hy nie op gelyke voet in sy gemeenskap wou insluit nie, as 'n mededinger beskou. (3) Die gedagte het ook begin posvat dat aparte maar soortgelyke onderwys van blank en nie-blank, al is dit net in 'n sekere rigting, nie gewens is nie.

Apartheid in die skoolopvoeding van blank en nie-blank het aan die einde van die 19e eeu vinnige vordering begin maak. Alhoewel die toelae van skole vir arm blankes waar ook in vakopleiding onderwys geggee is, dieselfde was as aan soortgelyke skole vir nie-blankes, (4) het

(1) Board of Education; Special Reports on the System of Education in the Cape Colony and Natal, 85.

(2) Ibid., 71.

(3) (a) (G.10-'84) Report of Sup.-Gen. of Education, 1883, 6.
 (b) Cape of Good Hope, Supplementary Report to the Annual Report of the Sup.-Gen. of Educ. for 1883, together with a Special Report on the Institutions aided under Act No. 24 of 1874. No. 16 Observations on the Documents emanating from the United Missionary Conference and from the Eastern Province Farmers' Congress, 5.

(c) (G.3-'92) Report of Commission on Education, 1892, par. 8856.

(4) C.O. 1636, Dok. No. 18, 1896, Proklamasie No. 388, 1883, Art. 12. (S. Arg. K.)

hierdie blanke skole wat ook blanke sendingskole ingesluit het, 'n gelyke status met die derde klas Neutrale Publieke Skool gekry. (1) Daar is dus 'n verskil tussen hierdie skole wat die laagste klas blanke skole was, en die nie-blanke skole gemaak. Dit is merkwaardig dat vanaf 1894 tot 1897 die gemengde skole selfs met 2 persent verminder het, nieteenstaande die geleidelike daling besig was om 'n versadigingspunt te bereik.

Dit is ook interessant om te merk dat in die gebiede en omgewing wat vroeër deur die Trekkers bewoon is, gemengde blanke-nie-blanke-skole baie min voorgekom het. Die toedrag van sake word in onderstaande tabel weergegee.

T A B E L 4.

Distrik	1893		1897	
	Nie-gemengde Skole	Gemengde Skole	Nie-gemengde Skole	Gemengde Skole
Aberdeen.....	10	0	14	0
Albany.....	32	2	34	2
Colesberg.....	7	0	12	1
Cradock.....	17	1	22	0
Graaff-Reinet..	26	1	35	1
Jansenville...	20	0	26	0
Middelburg.....	23	0	15	0
Somerset-Oos...	29	0	52	0
Tarka.....	11	0	15	0
Uitenhage.....	24	1	44	2
Willowmore.....	29	0 (2)	34	1 (3)
Totaal...	228	5	303	7

Die Voortrekkergedagte van apartheid tussen blank en nie-blank het dus hier voortgeleef onder die Afrikaners

(1) C.O. 1636, Dok. No. 18, 1896, Proklamasie No. 388, 1883, Art. 13. (S. Arg. K.)

(2) (a) S.G.E. 2/1, Vol. I, A-C, Verslae 1-44, & 345-369, 1893.

(b) S.G.E. 2/2, Vol. II, E-K, Verslae 86-102 & 181-200, 1893.

(c) S.G.E. 2/3, Vol. III, L-Q, Verslae 49-63, 1893.

(d) S.G.E. 2/4, Vol. IV, R-W, Verslae 62-111, 182-192, 199-222.

(3) S.G.E. 15/1, Kwartaallike Statistieke, Laaste Kwartaal 1897.

wat agtergebly het.

Nog 'n vordering wat in die rigting van aparte skool-opvoeding gemaak is, was die beheer wat die hoofman saam met die sendeling-superintendent oor nie-blanke skole in Bantoegebiede begin uitoeven het. Die nie-blanke het ~~dis~~ groter beheer oor sy eie skole begin kry. (1)

Met die oprigting van spesiale nywerheidskole word daar 'n verdere definitiewe skeiding tussen blank en nie-blank gemaak. Die twee „Poor White Industrial Schools“, die een in Kaapstad en die een op Uitenhage het slegs blanke seuns gehad. (2) Dieselfde het gegeld vir die Landboukollege op Stellenbosch. (3) Ook op die Kuns- en Opleidingskole, met twee uitsonderings in laasgenoemde, was blank en nie-blank geskei. (4)

9. Samevatting.

Nieteenstaande gesamentlike skoolopvoeding met die Britse oornome van die Kaap in 1806 nog steeds in swang was, was daar 'n duidelike skeiding tussen blank en nie-blank, gebasseer op godsdiensverskille en die onderhorige posisie wat die nie-blanke teenoor die blanke ingeneem het. 'n Verdere verskil tussen die Engelse en Hollands-sprekende inwoners van die Kaapkolonie was dat eersgenoemde geen kennis van die nie-blanke in die Kolonie gehad het nie, terwyl laasgenoemde met 'n eeu en 'n half se

-
- (1) (a) (G. 3-'83) Cape of Good Hope, Report of Sup.-Gen. of Educ., 1882, 12.
 (b) Educational Manual, 1895, „Schools in Native Areas.“
- (2) (A. 5-'96) Report of Select Committee on Training of Apprentices and Industrial Schools.
 (i) Getuienis van H.M. Beaty, 6, par. 47.
 (ii) Getuienis van J.M. Thornton, 9, par. 214.
 (iii) Getuienis van T. Muir, 28, par. 214.
- (3) Report of Select Committee on Technical Education in Agriculture, Getuienis van F. Blersch, 13, par. 95.
- (4) Education Gazette, S.G.E. 15/1, Specialised Schools.

ondervinding 'n baie beter insig in die ontwikkeling van die verhouding tussen blank en nie-blank hier te lande besit het, en hiervolgens bepaalde determinante opgebou het waarvolgens blanke-nie-blanke-kontakte beheer is.

Hierdie beginsels is met die aanvang van die Brits-liberalistiese oorheersing oorboord gewerp om 'n nuwe sosiale opstelling te verwesenlik waarin almal afgesien van ras, kleur, godsdiens, taal, historiese agtergrond en ontwikkeling as Britse onderdane binne die Britse kring van imperialisme dieselfde vryhede, regte en voorregte moet geniet.

Met Engels as die enigste erkende taal, moes die skoolwese dien as die belangrikste hulpmiddel in die samesmelting van die mees uiteenlopende bevolkingselemente tot gemeenskaplike trou en onderdanigheid aan die Britse kroon en liberalisties-imperialistiese beginsels. Met die slagkreet: „The Government Schools will be accessible to every individual in the community", het die liberaliste wat binne die eerste twee dekades van die 19e eeu oorheersende mag en invloed begin uitoefen het, blank en nie-blank op dieselfde skole saamgehoek om 'n aaneengeslote front te vorm.

Hierdie onnatuurlike sameflansing waarin die beginsels van verskeidenheid heeltemal verontagsaam is, het reeds kort na die aanvang sy onhoudbaarheid geopenbaar. Nieteenstaande verskeie faktore; soos die tekort aan geskikte onderwysers, die verspreidheid van die blanke bevolking in die buitelandse distrikte, armoede van die Boerebevolking en 'n beter gehalte van onderwys op party sendingskole, ook nog die Liberalistiese standpunt van gesamentlike skoolopvoeding bevorder het, is daar weerstand gebied wat mettertyd sterker en uitgebreider geword het.

Verskillende metodes is aangewend om gesamentlike skoolopvoeding van blank en nie-blank te vermy en teen te

werk. Hierdie metodes het gewissel van direkte tot indirekte maatreëls. Direkte maatreëls, deur openlike proteste, onttrekking van blanke kinders deur hulle ouers indien nie-blankes tot die betrokke skool toegelaat word, voorsiening van aparte skole vir nie-blankes, ondermyning van gemengde skole deur propaganda, en die stigting van privaatskole. Indirekte metodes, deur die indeling van skole in verskillende kategorieë en klasse, gebaser op 'n klasse-indeling van gegoede en behoeftige burgers.

Hiermee het natuurlik gepaard gegaan die stelsel van skoolgelde waardeur die behoeftige blanken die nie-blanke uitgeskakel is. Tweedens, is van die leerplanne gebruik gemaak om die nie-blanke in die meer gevorderde onderwys uit te skakel. Die sendingskool en die laer klas publieke skool, het met twee of drie uitsonderings, slegs vir elementêre onderwys voorsiening gemaak. In sy verslag oor die onderwys, 1890, laat L. Dale dit op bladsy 7 ook baie duidelik deurskemer. „By the course of instruction as laid down in Parliamentary regulations for the Public Schools, and by the requirements of the University for Matriculation and for Degrees in Arts, a fair standard of attainment is set up. Such a standard of instruction is of course in its range and character beyond the needs of coloured races.”

Die gevolge van gesamentlike blanke-nie-blanke skoolopvoeding het allerlei sosiale en ekonomiese probleme geopenbaar. Rasse-antipatie, taalmoeilikhede, probleme van skoolverdeling, arbeidsindeling van blank en nie-blank, wanaanpassing van opgeleide nie-blankes in eie gemeenskap, weiering van die blanke gemeenskap om die opgeleide nie-blankes op gelyke voet op te neem en die verkeerde houding van die nie-blanke ten opsigte van skoolopvoeding, was van die probleme waarmee die owerheid te kampe gehad het.

Die weerstand teen gesamentlike skoolopvoeding, die

metodes wat daarteen gebruik is, en die gevolge daarvan, het daartoe gelei dat in die teenoorgestelde rigting, naamlik aparte skoolopvoeding beweeg is, en geleidelike vordering gemaak is.

Indien die vordering ooreenkomstig die belangrikste beginsels van aparte skoolopvoeding, aparte skoolgeboue, onderwysbeheer, doel inhoud en metode van die opvoeding beoordeel word, was die toestand aan die einde van die 19e eeu min of meer soos volg:

Aparte Skoolgeboue.

In hierdie opsig, veral gedurende die laaste twee dekades, is aanmerklike vordering gemaak. Aparte skoolgeboue het dwarsdeur die Kaapkolonie 'n vanselfsprekendheid begin word. Die owerheid het erken dat die onderrig van blank en nie-blank onder dieselfde dak nie prakties is nie, en het al hoe minder daarop aangedring dat nie-blankes tot die skole vir blankes toegelaat word. Daar is selfs maatreëls getref om die blanke kinders op nie-blanke sendingskole weg te neem. Dit was baie duidelik dat gesamentlike skoolopvoeding van blank en nie-blank in regeringskole onder dieselfde dak eerlank iets van die verlede sou wees.

Onderwysbeheer.

Die staat het die nie-blanke onderwys gesubsideer en ook dienooreenkomstig seggingskap daarin gehad. Die nie-blanke skole het onder dieselfde Superintendent-generaal van Onderwys en amptenare geressorteer as die blanke skole. Die sendingsuperintendente van die verskillende sendinggenootskappe en hoofmanne het onder toesig van die Superintendent-generaal van Onderwys en sy amptenare die nie-blanke skole bestuur. Die ouers wat die gees en inrigting van die skole behoort te bepaal, het geen seggingskap gehad nie. Hulle kon ook geen seggingskap kry nie omdat die skoolopvoeding van hulle kinders heeltemal vreemd aan hulle kulturele en historiese agtergrond, asook aan hulle huis-

like opvoeding, was.

Wat onderwysbeheer betref, is die geleidelike vermeerdering van nie-blanke onderwysers die enigste vordering wat gemaak is. Hierdie onderwysers het egter ook 'n westerse opleiding geniet en was gevolglik 'n baie swak skakel tussen die skool en die huis, maar het tog in sekere opsigte die nie-blanke kind baie beter begryp as die blanke onderwyser.

Doel.

Die doel met die onderwys aan die nie-blanke was nie om hom in sy eie kultuur, sedes, gewoontes, en gebruike op te hef nie, maar om hom te verwesters en deel van die blanke gemeenskap te maak. Na dit duidelik geword het dat die gelykstellingsbeleid en gevolglike ineen-smelting van blank en nie-blank, nie kan slaag nie, is gepoog om op 'n basis van sogenaamde klasseverdeling, die nie-blanke by die onderste stratum van die blanke gemeenskap as opgeleide vakman in te skakel. Wat die doel van nie-blanke onderwys betref, is daar teen die einde van die 19e eeu in die Kaapkolonie ten opsigte van aparte skoolopvoeding bloedmin vordering gemaak.

Inhoud.

Die inhoud wat deur die doel bepaal word het dien-ooreenkomstig weinig vordering in aparte skoolopvoeding getoon. Dit het presies ooreengestem met wat op die blanke skole onderrig is. Leervakke is heelhuids van blanke skole oorgeneem. Al verskil was dat die leerplan op baie nie-blanke skole nie soveel leervakke ingesluit het as op blanke skole nie.

Na vasgestel is dat die nie-blanke se vordering in die tradisionele skoolvakke veel te wense oorlaat en sodanige opleiding vir hom nie van veel waarde in die alledaagse lewe is nie, is ambagsvakke bygevoeg. Ook die ambagsopleiding het betrekking gehad op ambagte vir blankes, terwyl opleiding in nie-blanke ambagte uitge-

skakel en verwaarloos is.

Die inhoud van die skoolopvoeding vir nie-blankes het daarop gedui dat die nie-blanke nie vir sy eie gemeenskap opgevoed is nie, maar vir die blanke gemeenskap, en gevolglik is daar teen die einde van die 19e eeu geen vordering ten opsigte van aparte skoolopvoeding in die inhoud van die nie-blanke se onderwys gemaak nie.

Metode.

Die metode sluit by die inhoud aan, en dienooreenkomstig was die nie-blanke se onderwys volgens die metodes van toepassing op blanke skole. Die taalmedium wat as die belangrikste metode in die onderwys beskou word, was Engels. Die nie-blanke se moedertaal is deur 'n westerse taal vervang, met ander woorde, hy moes verwesters word. Die moeilikhede wat hierdie vreemde taal egter opgelewer het, het die owerhede laat besluit om meer aandag aan die onderwys van Bantoetale te gee. Dit op sigself, alhoewel die Bantoetale nog nie as medium van onderrig gedien het nie, was egter 'n vordering in die rigting van apartheid, want hiermee is erken dat Engels nie die enigste taal kan wees nie.

Verder is die metodes van Bell en Lancaster gevolg wat uiters meganies van aard was, en veral vir die nie-blanke in die heeltemal vreemde opvoeding wat hy moes geniet, het dit beteken die memorisering van dinge waarvan hy nie die begrip of verwantskap kon snap nie.

Wat die metode van onderwys betref, is daar tot aan die einde van die 19e eeu ook geen vordering in die rigting van aparte skoolopvoeding vir nie-blankes gemaak nie. Aparte skoolopvoeding het dus slegs in die eerste stadium, naamlik aparte skoolgeboue vir blank en nie-blank, noemenswaardige vordering getoon.
